

Onderwysersgids vir *Lien se lankstaanskoene* (Derick van der Walt)

Deur Alet Mihalik



INHOUDSOPGAWE

1. Opsomming, vrae en aktiwiteite	1
2. Antwoorde	33
3. Inligting oor die skrywer	44
4. Glossarium van literêre begrippe	50


1. Opsomming, vrae en aktiwiteite

Die titel

Die leser weet dat Lien 'n meisienaam is, maar “lankstaanskoene” is 'n nuutskepping wat saamgestel is uit die woorde: lank+staan+skoene.

Aktiwiteit: Hou 'n kort bespreking oor die belangrikheid van skoene. Kyk na kultuurgebruike, modes, statussimbole, funksie, ensovoorts. Kyk ook in mitologiebronne of op die internet watter rol skoene speel in bygelowe, gesegdes, sprokies en mitologie. Hoeveel Afrikaanse idioome ken ons met “skoene” daarin?

Die voorblad/omslag



Die voorblad van 'n boek bepaal dikwels of dit gekoop en gelees word of nie. Hier sien ons 'n paar toerygskoene wat effens los om die voet pas. Die stukkie geblomde rok dui aan dat dit 'n vrou se skoene is. Let op dat sy nie sokkies daarby dra nie. Langs die skoene is 'n sak met iets soos 'n hemp of baadjie wat daarby uitsteek. Dit lyk asof die persoon iewers heen op pad is en wag om opgelaai te word. Maar dan merk ons op dat die illustrasie dwars oor die voor- én agterblad loop en nou sien ons die leë koeldrankblikkie en die munte – wat suggereer dat hier gebedel word.

Let ook op die kleurgebruik: morbiede skakerings van bruin en swart. Selfs die rooi is dof en leweloos. Verder let ons op dat die kleur in plat vlakke aangebring is met geen lig-en-skaduwee om rondings aan te dui nie.

Aktiwiteite:

Besprek die emosionele implikasies van die kleurgebruik en plat kleurvlakke.

Kyk na die plasing van die voete – wat sê die meisie se liggaamstaal?

Is die afsny van die prent effektief? Hoe ondersteun die illustrasie die “lankstaanskoene” van die titel?

Tipografie

Let op watter rol die tipografie of drukwerk in hierdie roman speel.

Die vertelde teks is in gewone druk.

Die video- of “visuele teks” is kursief gedruk.

Tussenin is ’n wit reël of tipografiese spasie.

Die verhaaldeure

Die verhaaldeure of storielyn kan soos volg opgesom word:

Voorspel (p1-2)

p	<i>Voorspel</i>	<i>Preface</i>
1	<p>Hy (Braam) kyk na sy gunsteling stil-video en glimlag.</p> <p><i>Die video is deur ’n amateur geneem. ’n Haasbek-dogtertjie (Lien) babbel in ’n swembad. ’n seuntjie (Braam) met swart krulhare en stewige beentjies jaag twee hondjies, piepie dan in die water en die dogtertjie gil. Die kamera beweeg dan na ’n lang, fris man met donker krulhare wat vleisbraai. Dan wys die kamera die fotograaf se voete in pienk plakkies met geel rosies op.</i></p>	<p>He (Braam) watches his favourite still-video with a smile.</p> <p><i>The video was shot by an amateur. A little girl (Lien) with no front teeth is babbling in the swimming pool. A little boy (Braam) with black curly hair and sturdy legs chases two puppies, then urinates in the water, which makes the girl scream. The camera moves to a tall, strongly built man with dark curls braaing meat. Then the video shows the feet of the photographer in pink slops with yellow roses.</i></p>

Vrae

1. Gee twee moontlike betekenis vir “voorspel”.
2. Hoe oud is die dogtertjie in die swembad en hoe weet ons dit?
3. Hoe oud is die seuntjie en hoe weet ons dit?
4. Is die atmosfeer van hierdie toneel gelukkig of hartseer? Gee redes vir jou antwoord.
5. Watter effek het die afwesigheid van ’n klankbaan op hierdie toneel?

Aktiwiteite

Leerders kan stilfilms maak of toneeltjies sonder klank uitbeeld om die visuele effek van liggaamstaal te ervaar.

Hoofstuk 1 (p3-5)

p	<i>Geel en gelukkig</i>	<i>Yellow and happy</i>
3	<p>Lien en Braam kyk televisie. Hulle hoor hoe Ma in die kombuis wyn met ysblokkies skink en behaaglik drink.</p> <p>Ma roep hulle vir ete in die kombuis, maar net Braam eet gulsig.</p>	<p>Lien and Braam are watching TV. They listen to Mother pouring and drinking wine in the kitchen.</p> <p>Mom calls them to eat in the kitchen, but only Braam eats greedily.</p>
4	<p>Ma skink nog ’n glasië en probeer Braam se kop streel, maar hy ruk</p>	<p>Mom has another drink and tries to stroke Braam’s hair, but he pulls away.</p>

weg.	
Ma strompel kamer toe en lê dwars oor die bed en snork.	Mom stumbles to her room. She sleeps accross the bed and snores.
Lien sit die soom van Braam se skoolbroek in.	Lien sews the hem of Braam's school pants.
Lien sê vir iemand in die spieël: "Ek haat jou."	Lien says to someone in the mirror, "I hate you."

Vrae

1. In teenstelling met die "visuele teks" in die Voorspel, open hierdie hoofstuk met 'n "ouditiewe teks" waar Lien op haar ore staatmaak. Watter effek het dit op die leser?
2. Hoe laat is dit en hoe weet ons dit?
3. Beskryf die ete (p3) asook die inhoud van die yskas (p4) en bespreek wat dit vir die leser "sê".
4. Gee die Afrikaanse woord vir "view" in hierdie konteks.
5. Wat suggereer die vioolkonstert wat oor die radio speel?
6. Watter woorde in hierdie hoofstuk sê vir ons dat Lien se ma dikwels drink om beter te voel?
7. Watter kleur assosieer Lien met "dronk"?
8. Watter negatiewe gevolge het die ma se drinkery?
9. Vir wie sê Lien in die spieël "ek haat jou" en hoe weet ons dit?
10. Hoekom steek Lien vir Norah Jones tong uit?

Aktiwiteite

Maak 'n lys van die verskille tussen die toneel in die video-opname in Voorspel en die toneel in hoofstuk 1.

Probeer bepaal wanneer Josh Groban en Norah Jones gewild was om 'n aanduiding van die vertelde tyd te kry.

Hoofstuk 2 (p6-11)

	Jou standaard-skoolnammertjie	Your standard school-item
6	Lien stap saam met Wouter skool toe. Sy vertel hom sy gaan daardie middag in tant Malie se koffiewinkel begin werk teen R10 per uur en fooritjies.	Lien walks to school with Wouter. She tells him that she will start work after school in aunt Malie's coffee shop at R10 per hour plus tips.
7	Lien is al 'n jaar in die skool, maar haat die plek.	Lien has been in the school for one year, but still hates it.
8	Wouter maak verskoning by die hek en die groepies kinders ignoreer Lien. Sy gaan biblioteek toe, waar sy lysies maak van plekke wat sy eendag wil besoek, soos Japan en Praag.	Wouter leaves her at the gate and the groups of students ignore Lien. She goes to the library, where she makes lists of places she would like to see like Japan and Prague.
9	In Lewensoriëntering skryf sy sy wil 'n prokureur word, maar twyfel skielik.	In Life Orientation she writes that she wants to be a lawyer one day.

Mnr. Bruwer sê hulle moet in groepies gesels oor beroepskeuse. Sy beland saam met Miemie Spies, Sally Swanepoel, Hein Venter. Lien is baie ongemaklik as hulle vra of sy 'n prokureur ken.	Mr Bruwer tells them to discuss their career choices in groups. Lien chooses law and lands up with other aspiring attorneys, Miemie, Sally Swanepoel and Hein Venter. Lien is very uncomfortable when she is asked if she knows a lawyer.
--	---

Vrae

1. Waarna verwys die “standaard-skoolnommertjie” van die hoofstuktitel?
2. Hoe groet Wouter vir Lien en wat sê dit van hóm?
3. Wat is “boeretros” (p7)?
4. Hoekom, dink jy, haat Lien die skool?
5. Lien wil graag Japan en Praag besoek. Watter eienskappe van hierdie lande spreek tot haar?
6. Hoe beïnvloed mnr. Bruwer se projek in Lewensoriëntering die verloop van die verhaal?
7. Waarna verwys die sin: “Is dit nou hier waar die haan moet kraai? Wonder sy (p11)” en watter implikasie het dit vir die verhaal?

Hoofstuk 3 (p12-21)

p	'n Kakofonie van klanke	A cacophony of sounds
12	Dinsdag. Lien kom tuis. Haar ma het nie gaan werk nie, en ruik na drank. Ma luister na 'n klavierkonsert van Prokofiëf.	Tuesday. Lien arrives home to find that her mom did not go to work and reeks of alcohol. Mom listens to a piano concerto by Prokofiev.
14	Lien vra Ma om vir haar klavier te speel soos toe sy klein was, maar Ma weier. Lien dreig om die klavier te verkoop vir kos.	Lien asks Mom to play the piano like when she was small, but Mom refuses. Lien threatens to sell the piano for food.
14	Lien gaan na Malie se Tuin (koffiewinkel) vir 'n werksonderhoud.	Lien goes to Malie's Garden for a job interview.
17	Sy begin dadelik werk. Die plek is stampvol pensioenarisse. Lien gee per ongeluk vir 'n gesin 20% afslag. Wouter kom binne met sy groot krieketsak. Hy bestel koek om haar onthalwe. Sy verdien R36,38. Wouter stap saam huis toe.	She starts immediately. The place is full of pensioners. Lien gives a family 20% discount by mistake. Wouter arrives with a huge cricket bag. He orders cake for her sake. She earns R36,38. Wouter walks her home.
19	Lien kom tuis. Braam is by Deon, Ma se kamerdeur is toe. Lien raak aan die slaap en skrik in donkerte wakker. Ma sit op die sitkamermat en luister na “Ave Verum Corpus” van Mozart.	Lien arrives home. Braam is visiting Deon and Mom's door is shut. Lien falls asleep and wakes up in the dark. Mom sits on the lounge carpet listening to Mozart's “Ave Verum Corpus”.
20	<i>Braam kyk na die video van Ma wat klavierspeel met Lien en Braam wat sing. Braam hardloop skielik weg en</i>	<i>Braam watches a video of Mom playing the piano and him and Lien singing. He runs off to do a summersault on the</i>

<p><i>slaan bollemakiesie op die bank. Buite die glasdeur staan die wit en swart hondjies en die kamera ruk asof die kameraman lag.</i></p>	<p><i>couch. The white and black puppies are watching from the door. The camera shakes as if the cameraman is laughing.</i></p>
---	---

Vrae:

1. Waarna verwys die “kakofonie” van die titel en waarvoor is dit ‘n metafoor in die verhaal?
2. Ons lees op p13 dat Christien Jooste “die laaste twee jaar myle opgesit het”. Wat beteken dit en wat impliseer die twee jaar?
3. Op p13 lees ons: “Haar ma antwoord nie. Sy skud haar kop heen en weer op maat van die musiek.” Watter effek het die musiek dus op Ma?
4. Beskryf Lien se ontmoeting met Wouter en verduidelik hoekom hulle mekaar so goed verstaan.
5. Wat is die naam van Lien se nuwe skool en in watter stad is dit?
6. Op p19 lees ons: “Lien vermoed dis tannie Bets.” Verduidelik wat sy bedoel.
7. Verduidelik die ironie van die Bart Simpson-beker (p20).
8. Hoekom noem Lien vir Christien “haar gelukkige ma ... haar goudgeel ma”?
9. Hoe skakel die woorde: “haar goudgeel ma met die less than perfect pitch” (p20) met die titel van hierdie hoofstuk?

Aktiwiteite

Maak ’n opsomming van Malie se Tuin (p14). Hoe kontrasteer dit met die plekke wat Lien graag wil besoek? Bespreek die visuele effek van die oumense in hierdie nagemaakte tuin.

Vergelyk die videoskoot op p21 met dié in die Voorspel. Wie neem die toneeltjie af? Watter tekens van geluk is sigbaar?

Hoofstuk 4 (p22-34)

p	Die meesterstuk	The masterpiece
22	In die Graad 12 Afrikaans-klas stel Juffrou Breytenbach die nuwe dramateks, gebaseer op <i>The Breakfast Club</i> , bekend.	In the Grade 12 Afrikaans class Miss Breytenbach introduces the new play based on <i>The Breakfast Club</i> .
24	Juffrou Breytenbach praat met Lien oor haar houding en dat sy “onder die radar deur oorleef”. Sy nooi Lien vir rollesing.	Miss Breytenbach confronts Lien about her negative attitude and “surviving under the radar”. She invites her to the audition.
25	Lien is kwaad. Sy stap saam met Wouter huis toe. Hy sê sy oorreegeer en is nie eintlik Lientjie Lieflik by die skool nie. Lien vererg haar, stap weg, amper voor ’n kar in. Tuis is Ma nie daar nie en Lien eet van tannie Bets se sop en gaan werk toe.	Lien is angry. She and Wouter walks home and he says she is overreacting and not exactly “Miss Congeniality” at school. Lien is upset and walks away. When she arrives at the flat, her mother is not there. She heats up auntie Bets’ soup and goes to work.

Vrae

1. Aanvanklik lees ons hoe juffrou Breytenbach haar bril regskuif. Dink jy die stereotipe Afrikaans-juffrou moet 'n bril dra? Watter verskil maak dit as ons later lees dit is 'n John Lennon-brillettjie?
2. Beskryf Lien se indruk van die stereotipe Amerikaner in Afrikaans.
3. Op p24 sê juffrou Breytenbach: "Lien, het jy 'n minuut?". Herskryf die vraag in goeie Afrikaans.
4. Lien kan nie dink wat tot "dié onverwagse oudiënsie aanleiding gegee het nie" (p24). Wat is 'n oudiënsie en wat bedoel Lien daarmee?
5. Op p25 lees ons: "Sy het die juffrou vlak gekyk." Wat bedoel Lien met hierdie slêng-uitdrukking?
6. Wouter sê Lien is nie juis Lientjie Lieflik nie. Wat sou hy haar dalk noem?
7. "Wouter is 'n rugsteker," dink Lien (p26). Gee 'n ander woord vir "rugsteker".
8. Waar werk Christien?
9. Wat bedoel Braam wanneer hy sê: "Afrika is wreed. Hier's leeus"?

Aktiwiteit

Bespreek die toespraak-onderwerpe as stereotipering. Bespreek dan moontlike redes waarom die Afrikaans-juffrou, en nie byvoorbeeld die Engels-onderwyser nie, die gewilde drama opvoer.

Hoofstuk 5 (p28-34)

p	Lientjie Lieflik	Lovely Lientjie
28	In die koffiewinkel loop Agnes met 'n gelaaide skinkbord in Lien vas. Malie sê sy gaan die skade van R128,50 van hul salaris aftrek. Lien bedank.	In the coffee shop Agnes, carrying a laden tray, bumps into Lien. Malie demands that they pay for the damages of R128,50. Lien resigns.
30	Tuis is Ma se deur weer toe. Lien wil tant Bets se pot terugneem, maar dan lui die cool jong predikantjie die voordeurklokkie. Hy nooi homself vir koffie en gesels met Braam oor rugby.	Back home Mom's door is closed. Lien wants to return aunt Bets' pot, but then the cool church minister arrives and invites himself in for a cup of coffee. He chats to Braam about rugby.
32	Ná aandete neem sy tannie Bets se pot terug en word genooi vir koffie en swartwoudkoek. Lien vertel van die koffiewinkel en tant Bets sê sy moet by Dirkie in woonstel 401 gaan vra vir werk in sy haarkappersalon, Millennium Creations. Hy bied haar R15 per uur aan.	After supper Lien returns auntie Bets' pot and accepts an invitation for coffee and black forest cake. She tells about the coffee shop and aunt Bets says she should ask Dirkie in flat 401 for a job in his hair salon called Millennium Creations. He offers Lien R15 per hour.
33	Tuis is Ma se deur steeds toe. In die bad besef sy Wouter is nou een van hulle (die hoërskool) en hy het tuis geraak.	Back home Mom's door is still closed. At bathtime Lien realises that Wouter had become "one of them" at school.
34	Lien stap volgende oggend vroeg skool toe om Wouter te vermy.	The next morning Lien leaves early to avoid Wouter.

Vrae

1. “Moeilike Malie” is “altyd kwaad, kwaad kwaad”. Maak ‘n lysie van woorde en dade wat aandui dat Malie kwaad is.
2. Hoekom sê Malie net “oeps” (p29) wanneer die skinkbord val?
3. Op p30 dink Lien haar ma “moet geel van die werk af gekom het”. Wat beteken “geel” hier?
4. Hoe verskil die predikant van die stereotipe dominee?
5. Wat is die betekenis verskil tussen “koffie” en “’n koffietjie” soos die predikant dit gebruik (p31)?
6. Verduidelik waarom Lien “soos ’n vyfde wiel aan die wa” voel (p31).
7. Hoekom dink Lien die predikant is “te lig in die broek” (p32)?

Aktiwiteite

Vergelyk Braam se geraamde prentjie (p31) met die video-opname in Voorspel en met die woonstel waar hulle nou woon. Bepaal ook hoe lank gelede dit geteken is.

Bespreek die hoofstuk-titel. Is dit sarkasties of ironies bedoel?

Lien is kwaad en Moeilike Malie is “kwaad, kwaad, kwaad”. Bespreek moontlike ooreenkomste tussen Lien en Malie en sê wat ons hiervan kan aflei oor Malie se suinigheid.

Hoofstuk 6 (p35-45)

p	A change of scenery ('n verandering van omgewing)	A change of scenery
35	Lien is vroeg in die skoolbiblioteek om die Internet te gebruik vir inligting oor regstudies. Sy lees oor die Noorweegse olielek wat die salm bedreig.	Lien visits the school library early to surf the internet for information for her legal career project. She reads about the oil spill threatening the Norwegian salmon.
36	Wouter gee haar sjokolade en nooi haar vir koffie op die Wimpy se stoep. Lien geniet dit dat ander kinders oor haar en Wouter wonder. Hulle spot met die matriekafskeid en wil dit misloop.	Wouter gives her a chocolate and invites her for coffee at the Wimpy. They sit outside and Lien enjoys the interest this sparks with the other students. They mock the matric dance and want to avoid going.
37	Wouter nooi Lien na die afskeid en hulle besluit om snaaks aan te trek.	But then Wouter invites Lien to go with him and they joke about wearing funny outfits to the dance.
	Tuis maak Lien 'n toebroodjie en wonder wat hulle vanaand gaan eet.	Back home Lien eats a sandwich and worries about supper.
38	Drama-oudisie. Lien lees die rol van Maria, die weird een wat naels kou en min sê.	Drama auditions. Lien reads for the part of Maria, the weird one who bites her nails and seldom speaks.
39	Tuis is Ma besig om spaghetti bolognaise te kook. Dirkie sms dat sy die werk gekry het. Hulle eet aan tafel.	Back home she finds Mom in the kitchen preparing spaghetti bolognaise. Dirkie confirms by sms that she got the job. They eat at the table.
		Lien washes dishes and Braam offers to dry

43	Lien was skottelgoed en Braam bied aan om af te droog. Almal lag saam. Maar Ma gaan kamer toe met die dooswyn.	them. Everybody laughs. But then Mom goes to bed carrying the box wine.
44	<i>Braam kyk na 'n video-opname van sy verliefde ouers met aanddrag aan in die tuin.</i>	Braam watches a video clip of his parents in love. They pose in the garden in evening clothes.

Vrae:

1. Gee 'n Afrikaanse woord vir "surf" (p25) op die internet.
2. Gee die korrekte Afrikaans vir die "click" wat jy met 'n rekenaar doen.
3. Lien dink die universiteite waaroor sy lees klink nie na "plekke waar mense studentepret het wat hulle vir jare daarna nog met hulle kleinkinders sal wil deel nie". Watter universiteit is wel stereotipes van sulke pret?
4. Op p37 verwys Wouter spottend na "a change of scenery". Bedoel hy dalk Malie se koffiewinkel?
5. Voltooi die uitdrukking: "Bo blink, maar . . ." en verduidelik wat Wouter daarmee bedoel (p37).
6. Dink jy Lien wil regtig die matriekafskied mis omdat dit so "simpel" is?
7. Braam sê Ma moet na sy CD van die Black-Eyed Peas luister. Waaraan herinner dié naam ons?

Aktiwiteit:

Ondersoek die verband tussen "die laning wit Iceberg-rose, vol in die blom" in die video-opname en die Noorweegse olieramp (p36).

Hoofstuk7 (p46-54)

	Effens last season (verlede seisoen)	Somewhat last season
46	By Dirkie se Millenium Creations slaan Donovan die kitaar. Vrouens vertel alles vir Dirkie en Donovan. Lien beantwoord telefoon, hou die afspraakboek op datum, vee elke halfuur die hare op en dra drinkgoed aan vir kliënte.	At Dirkie's Millenium Creations Donovan is the boss. Ladies tell Dirkie and Donovan everything. Lien answers the phone, keeps the appointment book up to date, sweeps every half hour and offers the clients something to drink.
49	Tuis kry Lien vir tant Bets by die hysbak. Hulle ry saam na Weigh-Less.	Back home Lien meets Aunt Bets at the lift and drives with her to Weigh-Less.
52	Op pad terug stop hulle by winkel en Lien sien 'n vrou met 'n bedelplakkaat.	On the way home they stop at the shop and Lien sees a lady with a begging-poster.
52	Tuis is Ma se deur toe en die dooswyn weg uit die yskas. Lien maak tuna-broodjies en vertel Braam van die gratis haarsny, maar hy weier om te gaan. Sy sê Dirkie en Donovan kan sy krieketspan borg.	Back home Mom's door is closed and the box wine is gone from the fridge. Lien prepares tuna sandwiches and tells Braam about the free haircut. He refuses to go. Lien suggests that Braam asks Dirkie and Donovan to sponsor his cricket team.

54	<i>Braam kyk na 'n video-opname van hoe hy as 12-jarige met die twee hondjies speel. Hy wonder of hulle nog leef.</i>	<i>Braam watches a video clip of him as a twelve year old, playing with the two puppies. He wonders if they are still alive.</i>
----	---	--

Vrae:

1. Wie is die baas in die salon en hoe weet ons dit?
2. Hoe verskil Dirkie en Donovan se reaksie op hul kliënte se stories?
3. Wat bedoel Donovan (en die hoofstuktitel) met “dis 'n bietjie last season”?
4. Tannie Bets en oom Faantjie weeg al jare by Weigh-Less. Hoekom hou hulle nie op as hulle nie gewig verloor nie?
5. Voltooi die slotsin van hierdie hoofstuk.

Aktiwiteite

Besprek die verband tussen Braam se hondjies en sy video-opnames.

Kyk weer mooi na Donovan se taalgebruik. Is sy vermenging van Afrikaans en Engels oortuigend en hoe stereotipeer dit hom?

Kyk na die taalgebruik in die middel van p49: “Dirkie draai die lêer in haar rigting. Lien kyk onseker na die baie moderne look. Dis 'n stunning girl . . . Die meisie se hare lyk cool”. Wie is hier aan die woord? Pas die Engelse woorde hier?

Kyk na tannie Bets se taalgebruik op p50: “'n Mens mág 'n bietjie kroek . . .” Hoekom is “kroek” nie as “crook” geskryf soos “koel” hierbo as “cool” nie?

Hoofstuk 8 (p55-60)

p	Weird Maria (Eienaardige Maria)	Weird Maria
55	Vrydag. Lien kry die rol van Weird Maria.	Friday. Lien gets the part of Weird Maria.
56	Sy en Wouter gaan Wimpy toe. Oor twee weke is dit vakansie en dan gaan Wouter en sy suster Yvette by sy pa in Bloemfontein kuier. Hy sê hy hou van sy nuwe stiefma en vra of Lien haar pa mis. Sy word yskoud en vermy 'n antwoord.	Lien and Wouter go to the Wimpy. He tells her that he and his sister Yvette will visit his father in Bloemfontein during the school holidays in two weeks time. He says he likes his new stepmother and asks if Lien ever misses her father. She turns cold and avoids the question.
57	Braam laat sy hare sny. Hy vra hulle om sy o/16 krieketspan met R3 000 te borg.	Braam does get a haircut. He asks them to sponsor his u/16 cricket team with R3 000.

Vrae:

1. Lien was nie van plan om by enige skoolaktiwiteite betrokke te raak nie. Hoe verander die rol van Weird Maria hierdie houding?
2. Hoekom word Lien yskoud (p57) wanneer Wouter vra of sy haar pa mis?
3. Hoekom blaai Braam “vieserig” deur 'n ou Cosmopolitan?

Aktiwiteit

Ons weet nou dat Lien moet werk om geld vir kos te verdien. Bespreek moontlike redes waarom die outeur besluit het om Lien eers in die koffiewinkel en nou in die haarsalon te laat werk en waarom Braam daarheen moet gaan vir 'n haarsny.

Hoofstuk 9 (p61-65)

p	'n Rus op die menu (spyskaart)	A Russian on the menu
61	Saterdag is Lien voor agtuur by die salon. Dirkie en Donovan praat nie met mekaar nie. Lien kry R100 en koop kos by Pick n Pay.	Saturday Lien arrives at the salon before eight. Dirkie and Donovan are not speaking to each other. Lien earns R100 and buys food from Pick n Pay.
62	Tuis staan Ma met 'n glas wyn en sê sy voel sleg dat Lien moet kos koop. Lien sê Ma kan weer klavierlesse gee. Lien speel klavier en hoor hoe Ma haar kamerdeur toemaak.	Back home Mom is drinking wine and says she feels awful that Lien has to buy food. Lien says Mom could always teach piano lessons again. Then Lien plays the piano and Mom goes to her room.
63	Lien slaap en droom dat Dirkie iets vreesliks met haar hare aanvang. Sy maak kos en voel eensaam. Sy wonder wat van haar vriende uit haar vorige lewe geword het.	Lien falls asleep and dreams that Dirkie has done something horrible to her hair. She cooks supper and feels lonely. She wonders what became of her friends from her previous life.
64	<i>Braam kyk na 'n video-opname van die donkerkop man wat 'n blonde tweeling van die huisdak afhelp: Tussen hulle sit die sesjarige Lien met 'n kat op haar skoot. Sy weier om van die dak af te klim.</i>	Braam watches a video of the dark haired man helping blonde twins down from the roof. Lien (6) sits between the twins, holding a cat, and refuses to be helped down.

Vrae:

1. Wie of wat is die Rus op die menu?
2. Bespreek die ironie van "menu" in hierdie konteks.
3. Lien "wonder wat van haar vriende uit haar vorige lewe geword het" (p64). Wat beskou sy as haar "vorige lewe"?
4. Wie neem die toneeltjie op p64-65 af?

Aktiwiteit:

Kyk baie mooi na die toneeltjie soos dit hier beskryf word. Waar staan die kameraman en hoe weet ons dit?

Hoofstuk 10 (p66-71)

p	iets om die palaat (verhemelte) te verfris	Something to refresh the palate
66	Dinsdag stap Wouter en Lien skool toe en gesels oor die matriekafskeid. Later praat hy met Riekie en Lien raak jaloers.	On Tuesday Wouter and Lien walk to school. They discuss the matric dance. Later Lien feels jealous when Wouter talks to Riekie.

67	Ná skool nooi Miemie vir Lien om haar 18de verjaardag by die Wimpy te vier.	After school Miemie invites Lien to celebrate her 18th birthday at the Wimpy.
70	Tuis speel Braam en Deon PlayStation. Ma is by die werk. <i>Braam kyk na 'n video van Pa as Kersvader wat geskenke uitdeel.</i>	At home Braam en Deon play with the PlayStation. Mom is still at work. <i>Braam watches a video of Dad as Father Christmas handing out gifts.</i>

Vrae:

1. Lees die beskrywing van Miemie se ouers op p69 en vergelyk hulle met Lien se ouers.
2. Miemie sê sy “wil regte doen”. Wat bedoel sy?
3. Miemie sê sy wil nie haar verjaardag dié aand vier nie omdat sy iets op televisie wil kyk. Wat steek sy weg?
4. Miemie sê sy wil vir die toneelstuk 'n fluorescent besem sonder die veegedeelte hê. Waarvoor gebruik ons 'n besem wat nie kan vee nie?

Aktiwiteit

Bespreek die visuele simboliek van die video-toneel (p71) waar Braam die Kersvader as sy pa ontmasker.

Hoofstuk 11 (p72-76)

p	Julia Roberts sonder die mond	Julia Roberts without the mouth
72	Juffrou Breytenbach vra Lien en Miemie om haar te help om die rekwisietekamer reg te pak. Hulle pas kostuums en pruike aan en lag baie.	Miss Breytenbach asks Lien and Miemie to help organise the props room. They try on costumes and wigs, and laugh a lot.
73	By die salon knor Dirkie en Donovan steeds vir mekaar. Sue-Ellen kom wys haar baba. Daarna sê Donovan Sue-Ellen wil Maandag weer kom werk.	At the salon Dirkie and Donovan are still at loggerheads. Sue-Ellen arrives with her baby and Donovan then tells Lien that Sue-Ellen wants her job back by that Monday.
75	Lien gaan na 'n reisagent om te vra hoeveel dit kos om Londen toe te gaan. Sy besef dan sy sal móét werk.	Lien goes to a travel agent to enquire about the costs of a trip to London and realises that she has to get a job.

Vrae:

1. Hoekom sê Miemie Lien lyk soos Julia Roberts “sonder die mond” (p73)?
2. Gee 'n moontlike rede waarom Miemie die manspruk en baard met Jack the Ripper assosieer.
3. Miemie laat Lien “lag dat die trane rol” (p75). Hoekom is dit ironies?
4. Lien en Miemie het “die meeste pret in jare” in die rekwisietekamer, maar daarbuite voel hulle “half ongemaklik met mekaar”. Wat is die implikasies hiervan?

Aktiwiteit

Bespreek die redes waarom Lien Londen toe wil gaan en bepaal of sy daar 'n beter lewe kan verwag. Lyk dit op hierdie tydstep moontlik dat sy sal wegkom?

Hoofstuk 12 (p77-79)

p	Die traandruppel	The teardrop
77	By Braam se krieketwedstryd dra die o/16-span liggroen gholfhempies geborg deur Millennium Hair Creations. Lien verkyk haar aan Braam wat so grappig en ontspanne lyk ongeag sy gaar beenstutte. Dirkie en Donovan is ook daar. Jakaranda verloor, maar Dirkie en Donovan juig vir die verkeerde span.	At Braam's cricket match the u/16 team wear pale green golf shirts sponsored by Millennium Hair Creations. Lien is amazed at Braam's ability to have fun while his shin guards are so shabby. Dirkie and Donovan are also there and they cheer for the wrong team when Jakaranda loses the match.

Vrae:

1. Die skole se name is tipies van Pretoria. Verduidelik hierdie stelling.
2. Die krikethempies is in meer as een opsig ironies. Bespreek hierdie stelling.
3. Dirkie en Donovan "juig vir die verkeerde span". Bespreek die woordspel en innuendo van hierdie sin.
4. Waarna verwys die traandruppel van die hoofstuktitel?

Aktiwiteit

"Who cares," sê Lien (p79). Bespreek hierdie cliché as tekenend van haar omstandighede.

Hoofstuk 13 (p80-82)

p	'n Huis sonder 'n moeder	A house without a mother
80	Maandag. Dit word herfs. Lien het die vorige aand vir Wouter laat weet om nie vir haar te wag nie. Sy gaan vroeg biblioteek toe om vier afskrifte van 'n brief te druk. Sy vra juffrou Breytenbach om 'n pruik en briljetjie uit die rekwisietekamer te leen.	Monday, early autumn. Lien informed Wouter the night before not to wait for her. She goes to the library early to print four copies of a message. She also asks Miss Breytenbach to borrow a wig and spectacles from the props room.
82	Tuis kla haar ma oor die pryse wat so styg, maar sy het nuwe dooswyn gekoop.	Back home her mother complains about the rising costs but she has bought a new box of wine.

Aktiwiteite:

Bespreek Lien se moontlike planne met die pruik, briljetjie en boodskappe.

Die titel verwys na die gewilde muurversierings wat lui: Wat is 'n huis sonder 'n moeder? Bespreek die implikasies en ironie van hierdie retoriese vraag binne die verhaalkonteks.

Hoofstuk 14 (p83-89)

p	A change of scenery (régtig)	A change of scenery (really)
83	Lien ry per bus na 'n kleinerige winkelsentrum. Sy dra die pruik en brilletjie en 'n ou rok van haar ma. Sy gaan staan met 'n bedelplakkaat by die besige kruising.	Lien travels by bus to a smallish shopping centre. She dons the wig and spectacles and wears her mother's old dress. She takes up position at a traffic light and shows her poster.
84	Sy word verjaag deur 'n ou, songebrande vrou tjie (Roos) wat dié staanplek "besit".	An old, weatherbeaten lady chases her away because it is her position.
86	Tibbey, 'n jong bedelaar kom nooi haar vieruur vir 'n teepouse onder 'n akasiaboom.	Tibbey, a young beggar invites Lien for the four 'o clock tea break under an acacia tree.
87	Lien sê vir haarself in die spieël dinge gaan nooit weer dieselfde wees nie. Sy samel R150 in. Roos sê haar plakkaat lyk nie armoedig genoeg nie. By Pep Stores koop sy plat, swart nommer 6 skoene vir R38,99 en besluit om niemand van haar planne te vertel nie.	Lien tells herself in the mirror that things will never be the same again. Roos tells her that her poster looks too fancy. Lien buys a pair of soft black shoes size 6 at Pep for R38,99. She decides not to tell anyone.
88	<i>Braam geniet 'n videosnit van Japannese wat na 'n asemrowende waterval kyk. Lien en haar ma kyk ook. Braam maak asof hy Lien oor die reling wil stamp. Lien snou hom iets toe.</i>	<i>Braam enjoys watching a video clip of Japanese watching an awesome waterfall. Lien and Mom are also watching. Braam pretends to shove Lien over the railing and she scolds him.</i>

Vrae:

1. Hoekom dra Lien die pruik en brilletjie?
2. Die ou man ignoreer haar, maar die vrou gee haar R5. Wat impliseer dit binne die verhaalkonteks?
3. Hoekom draai die meeste motoriste hul vensters op of maak geen oogkontak met Lien nie?
4. Hoekom voel Lien "soos 'n hond om die mense se geld te vat" (p85)?
5. Hoe weet ons Roos is wit en Tibbey is swart en hoekom word dit nie reguit gesê nie?
6. Is dit van enige betekenis dat die lankstaanskoene by Pep gekoop word?

Aktiwiteite:

Lien voel asof sy alleen oor 'n groot rivier in die Amasone geswem het, en besluit "sy gaan dié swem alleen swem". Hoe hou dit verband met die video-opname waarna Braam kyk en watter metaforiese waarde het die feit dat dit juis Braam is wat Lien speels in die water wil stamp?

Bespreek hoekom hierdie hoofstuk régtig "a change of scenery" is.

Hoofstuk 15 (p90-93)

p	'n Bottel Energade	A bottle Energade
90	Lien hou van Tibbey en hy leer haar bedel. Roos bly onvriendelik. Lien raak gewoon aan die lewe op straat en die nuwe skoene maak dit makliker. Sy smeer sonroom aan en bring Energade, 'n vrug en 'n geldsak werk toe.	Lien likes Tibbey and he teaches her the tricks of the trade. Roos remains unfriendly. Lien gets used to life on the street and the new shoes make it easier. She wears sunscreen and brings Energade, fruit and a money bag to work.
93	Dis asof sy 'n ander mens word as sy smiddae tien oor twee van die bus afklim – sy word inderdaad Weird Maria.	It is as if Lien becomes a different person when she gets off the bus at ten past two in the afternoon – she literally turns into Weird Maria.

Aktiwiteit:

Bespreek Tibbey se raad om mense in die oë te kyk en te bedank.

Wat sê Tibbey se manewales (“entertainment”) van die samelewing se houding jeens bedelaars en hoe rym dit met Lien se waarneming dat Pretorianers na haar kyk met “afsku maar ook met 'n bietjie vrees”?

Hoofstuk 16 (p94-97)

p	Die Pussycat Dolls	The Pussycat Dolls
94	Die drama-repetisies is aanvanklik chaoties en Lien kom nie reg met Weird Maria nie.	Drama rehearsals start off chaotically and Lien struggles with the role of Weird Maria.
95	Pouse gaan sy na die pawiljoen, waar sy hoor hoe Hein 'n hartseer liedjie, “Moon River”, op 'n mondfluitjie speel. Sy oorlede oupa het dit vir hom geleer.	During interval she goes to the pavillion, where she hears Hein play “Moon River”, a sad tune, on the harmonica. His late grandfather taught him how to play it.
96	Miemie en die motorbestuurder laai Lien tuis af. In die motor speel die Pussycat Dolls. Tuis slaap Braam voor die televisie, Ma se deur is toe en daar is vetkoek van tant Bets. Lien tel haar buit: R217,35.	Miemie and her chauffeur gives Lien a lift home after rehearsals. Back home Braam is asleep at the TV, Mom's door is closed and there is a plate of vetkoek from tant Bets. Lien counts her loot: R217,35.

Vrae:

- Die hardebaard Hein speel die sentimentele “Moon River” op sy mondfluitjie (p95). Wat sê hierdie liedjie van die lewensrivier waarin Lien nou swem (p88)?
- Lien dink aan haar bedelgeld as “die dag se buit”. Wat beteken “buit” hier?

Aktiwiteit:

Binnkort sal Lien moet kies tussen die repetisies vir Weird Maria en haar bedelry op Saterdag. Bespreek hierdie twee rolle as maontlike ontsnaproetes uit Lien se alledaagse bestaan en voorspel watter een sy sal kies.

Hoofstuk 17 (p98-101)

p	Die afgevaardigde van Tibet	The delegate from Tibet
99	<p>Johnny, die bedelaar, keer terug. Roos slaan hom met haar pienk handsakkie en jaag hom weg. Die staanplek is nou Lien s'n.</p> <p>Roos begin effens ontgooi. Haar dogter werk by 'n gesellinklub.</p> <p>Tibbey noem Lien "Lien Djóste" en dit klink vir haar eksoties. Hy leer haar baie van sokker.</p>	<p>Johnny the beggar returns. Roos hits him with her handbag and chases him away because his begging station now belongs to Lien.</p> <p>Roos begins to soften towards Lien. Her daughter works for an escort agency.</p> <p>Tibbey calls Lien "Lien Djóste", which sounds exotic. He teaches her about soccer.</p>
101	<p>Ma is nou selde nugter en pal in haar kamer. Soggens het sy die bewerasie.</p>	<p>Mom is now hardly ever sober and stays in her room. In the mornings she has the shivers.</p>

Vrae:

1. Watter stereotipe word met die dogtertjie in die wit Volvo uitgebeeld (p98)?
2. Wie is die verteenwoordiger uit Tibet van die hoofstuktitel?

Aktiwiteit:

Bespreek die maontlikheid dat die rooikopdogtertjie en die witkopkindertjies in die oranje Datsuntjie botsende eienskappe van Lien se karakter verteenwoordig.

Hoofstuk 18 (p102-108)

p	Tee en kaaskoek	Tea and cheese cake
102	<p>Dinsdag noon Wouter Lien weer na die matriekafskeid en sy stem in. By die skoolhek wag hulle wit Mazda. Ma is dronk en het haar kom oplaai. Wouter bestuur huis toe. By die hysbak staan Dirkie met sy Katrien, sy kat, in sy arms. Hy noon haar vir tee en kaaskoek en sê sy moet met Gerhard, die jong dominee (Kuifie), gaan praat.</p>	<p>On Tuesday Wouter again asks Lien to the matric dance and she agrees to go. Then she sees their white Mazda at the gate. Her drunken mother has come to fetch her from school. Wouter drives them home. Dirkie is at the lift holding his cat Katrien. He invites her for tea and cheese cake and convinces her to speak to the young church minister, Gerhard (Kuifie).</p>
104	<p>Lien gaan spreek die dominee. Hy behandel haar soos 'n jong bondgenoot. Hulle bespreek haar ma en hoekom hulle die huis moes verlaat.</p>	<p>Lien goes to Gerhard's house. He treats her like a young ally. They discuss her mother and how they had to give up their house.</p>

108	<p><i>Video: Braam ry skaatsplank in die straat terwyl Lien en die blonde tweeling toekyk. Lien klim op die skaatsplank en Braam trek haar straataf. Later los hy haar en sy val, maar lag.</i></p> <p>Braam stamp die boks video's om en vind een wat hy woedend teen die muur smyt.</p>	<p><i>Braam rides a skateboard while Lien and the blonde twins look on. Then Lien gets onto the board and he leads her down the street. Eventually he lets go of her and she falls, laughing.</i></p> <p>Braam knocks over the box of videos and finds one that he violently throws at the wall.</p>
-----	---	--

Vrae:

1. Ma “glimlag soos ‘n skaap”. Verduidelik hierdie vergelyking.
2. Lien sê dit is “die laaste strooi” (p103) . Hoe word hierdie woorde van haar wáár?
3. Wat motiveer Lien om Dirkie te vra of hy baie kerk toe gaan (p104)?
4. Kuifie, die dominee, luister na ‘n CD van Coldplay. Watter ironiese implikasie het dit hier?
5. Lien dink: “Jy praat en dis pienk!” Wat bedoel sy met “pienk”?

Aktiwiteit:

Bespreek die videosnit en die visuele simboliek van die broer wat die suster leer skaats en verduidelik hoe dit by die Amasone-video aansluit.

Hoofstuk 19 (p109-114)

p	Báie sterker as Camel Filters	Much stronger than Camel Filters
109	Winter. Braam stap saam met Lien skool toe.	Winter. Braam walks to school with Lien.
110	Pouse in die kleedkamer bieg Sally Swanepoel dat haar pa ook baie drink en dwelms rook.	During break Sally Swanepoel confides in Lien that her dad also drinks too much and smokes drugs.
111	Tant Bets bel en sê Lien en Braam moet ná skool daarheen kom. Wouter stap saam. Kuifie en Braam is by tant Bets. Kuifie sê Ma het ingestem om vir drie of vier weke kliniek toe te gaan. Tant Bets sal vir hulle sorg.	Aunt Bets phones Lien to invite her and Braam over after school. When Lien gets there, Kuifie is there and he tells Lien and Braam that their mother has agreed to go to a clinic for three or four weeks. Aunt Bets will take care of them.
114	<p>Tydens repetisies gesels Lien met Hein.</p> <p>Miemie nooi haar uit, maar sy maak verskoning.</p> <p>Sy droom van die blonde tweeling, Su-Marie en San-Marie wat agter ‘n glasafskorting in hul binnenshuise swembad met golwe swem.</p>	<p>During rehearsals Lien talks to Hein.</p> <p>Miemie invites her for the weekend, but she declines.</p> <p>She dreams of the blonde twins, Su-Marie and San-Marie swimming in waves behind a glass partition in their indoor swimmingpool.</p>

Vrae:

1. Waarna verwys die hoofstuktitel?
2. Hoekom stap Braam saam skool toe en sê: “vasbyt”?
3. Watter belangrike les leer Sally en Tibbey vir Lien?
4. Wanneer Miemie sê haar pa is in Kaïro (p114), wil Lien sê háár pa is al twee jaar op Pluto. Wat is Pluto en wat bedoel Lien?

Aktiwiteit:

Bespreek Lien se droom en verduidelik hoe die swem-aktiwiteit by die Amasone-video aansluit. Hoe word “swem” en “glasafskorting” in hierdie konteks as metafore aangewend?

Hoofstuk 20 (p115-118)

p	Nuwe mense relax nou hier	New people relax here now
115	Lien gaan na Kerkplein en haal 'n bus na hulle ou woonbuurt. Sy lui die klokkie en vra om die toilet te gebruik, maar die persoon wat die luik oopmaak, weier. Lien besef sy hoort nie meer daar nie – die deure is vir haar gesluit en die hekke gegrendel.	Lien goes to Church Square to catch a bus to her old suburb. She rings the bell and asks to use the toilet, but the person who opens the hatch refuses. Lien realises that she doesn't belong there any more – for her the doors are closed and the gates locked.

Vrae:

1. Hoekom, dink jy, sê die outeur nie wat die naam van die woonbuurt op die bus is nie?
2. Lien moet navraag doen oor die bushalte en ken nie die pad wat die bus ry nie. Wat lei ons hiervan af?
3. Hoe lank het Lien in hierdie ou huis gewoon? Gee een bewys op p116.
4. Hoe stereotipeer die “groot wit BMW” (p117) die woonbuurt?
5. Hoekom neem Lien die rooi sportsak saam?

Aktiwiteit:

Maak 'n lysie van dinge by die huis wat dieselfde is en wat verskil van toe die Joostes daar gewoon het.

Hoofstuk 21 (p119-121)

p	Sjerrie vir die koue	Sherry for the chill
119 120	Terwyl Lien bedel, bars 'n storm los en sy reën nat. Hein herken haar en sy ma en pa laai haar op.	While Lien begs she gets caught in a rain storm. Hein recognises her and his parents give her a lift home.
121	Lien aanvaar Miemie se uitnodiging vir die naweek.	She accepts Miemie's invitation to spend the weekend with her.

Vrae:

1. Verduidelik die ironie van die hoofstuktitel.
2. Hein en sy pa het dik nekke en yslike neuse. Die pa is 'n bouer. Hoe stereotipeer dié voorkoms hulle?
3. Roos se hare is altyd in 'n stywe kapsel – wie stieër haar hare en wie betaal daarvoor?

Aktiwiteit:

Kyk na die inkopielys op p119 en bereken hoeveel dit vandag sal kos. Lien het R68 oor twee dae bereken – hoeveel daarvan sou sy vandag kon koop?

Die verhaal begin in die somer (kyk byvoorbeeld Sally se bruingebrande bene). Op p80 lees ons dit word herfs, op p121 word dit winter en op dieselfde bladsy lees ons dat die lente aanbreek. Bespreek die seisoenwisseling en watter effek dit op die verhaallyn het.

Hoofstuk 22 (p122-124)

p	letsie met chocolate (sjokolade) vir poeding	Something small with chocolate for dessert
122	Lien gaan kuier by Miemie in die mooi huis teen die berg.	Lien visits Miemie in the luxurious house on the mountainside.
124	Lien vertel Miemie van haar ma en die kliniek.	Lien tells Miemie about her mother and the clinic.

Vrae:

1. Waarna verwys die hoofstuktitel?
2. Wat veroorsaak dat Lien vir Miemie van haar ma en die kliniek vertel?
3. Watter betekenis het die feit dat Miemie se huis teen die berg geleë is?

Aktiwiteit

Vergelyk Miemie se huis met dié waarin die Joostes voorheen gewoon het.

Vergelyk Miemie se ouers met Lien s'n.

Hoofstuk 23 (p125-131)

p	Die welcome-home-Mammie-ding	The-welcome-home-mommy-thing
125	Ma kom tuis (ná vier weke in die kliniek). Sy lyk maer en breekbaar, broos. Lien is kwaad vir haar.	Mom comes home (after four weeks in the clinic). She is thin and fragile. Lien is angry with her.
126	Tibbey vermaan Lien om haar ma nie nóg meer te straf nie. Lien sê sy en Braam is onskuldig, maar haar ouers het “vir klappe gevra”.	Tibbey tells Lien not to punish her Mom even more. Lien says she and Braam were innocent while her parents deserved punishment.
127	By die toneelrepetisie nooi Hein haar na die matriekafskeid, maar sy sê sy gaan saam met Wouter.	At rehearsals Hein invites Lien to the matric dance, but she declines because of her promise to Wouter.
127	Tuis het Ma gekook en vra om vergifnis vir die afgelope twee jaar. Lien is kwaad omdat Ma en Braam voorgee dat alles somer weer reg is, terwyl alles onnatuurlik voel.	Back home Mom apologises for the past two years. Lien is angry at Mom and Braam for pretending that everything is suddenly fine, while things feel fake and unnatural.

Vrae:

1. Hoekom is die hoofstuktitel met koppeltekens geskryf?
2. Lien en Braam wantrou Ma se vermoë om “droog” te bly. Hoe affekteer dit die gesin?

Aktiwiteit:

Lien en Braam behandel Ma verskillend. Bespreek hierdie stelling en gee voorbeelde uit die teks.

Hoofstuk 24 (p129-131)

p	Die toppie sonder bates	The top without attributes
129	Lien word agttien. Tant Bets kook en Wouter en Miemie bring presente.	It is Lien's eighteenth birthday. Tant Bets cooks a huge meal and Wouter and Miemie bring gifts.
131	<i>Braam kyk na 'n video van sy verjaardagkoek met 'n blou vliegtuig en 'n handvol kersies.</i>	<i>Braam watches a video of his birthday cake with a blue aeroplane and a handful of candles on it.</i>

Vrae:

1. Waarna verwys die hoofstuktitel?
2. Die aand is gesellig en wanneer die kersietamatie in Miemie se glas val lag hulle “dat die trane rol”. Hoekom reageer hulle so oordadig?
3. “Braam is uit sy kassie, knertsie ofte nie (p130).” Verduidelik wat hiermee bedoel word.
4. Braam vroetel in die boks, maar bedink hom. Waarna soek hy en hoekom bedink hy hom?

Aktiwiteit:

Lien dink Braam aanvaar alles te maklik en hy tree op asof alles 'n grap is. Hoe rym dit met sy reaksie op die video's?

Hoofstuk 25 (p132-134)

p	Halfprys is halfprys	Halfprice means halfprice
132	Magriet sê Spar verkoop sousboontjies en sardyne teen halfprys, maar die kassiere weet niks daarvan af nie. Roos laat die bestuurder roep en hy gee in. Dan beseft hulle die aanbod was by Checkers.	Magriet says Spar has a special on baked beans and pilchards, but the cashier knows nothing about it. Roos calls the manager, who gives it to them for halfprice. Then they discover that the special was actually advertised by Checkers.
134	Die rooikopman en -dogtertjie in die wit Volvo gee elke dag vir Lien geld en kritiek.	The man and child with the red hair in the white Volvo gives Lien money and criticism every day.

Aktiwiteit:

Bespreek die morele implikasie van die halfprys-insident en probeer vasstel hoe elke betrokke die situasie beskou. Dink jy hierdie hoofstuk is nodig vir die verhaallyn?

Hoofstuk 26 (p135-140)

p	Cheers op Binnelandse Sake	A toast to the Department of Domestic Affairs
135	<p>Lien kom tuis ná 'n toneelrepetisie en voel tevrede dat sy Weird Maria begin verstaan.</p> <p>Tuis sien sy Ma se gesig is rooi en sy drink skelm wyn uit 'n koffiebeker. Ma sê sy vier die feit dat sy nie meer by Binnelandse Sake werk nie.</p> <p>Lien drink ook wyn, maar word naer daarvan.</p>	<p>Lien arrives home from rehearsals, feeling satisfied that she is beginning to understand Weird Maria.</p> <p>Back home Mom's face is red and she is drinking wine from a mug. She is celebrating her resignation (or dismissal) from the Department of Domestic Affairs.</p> <p>Lien drinks wine, but it makes her sick.</p>
139	<p>Ma is nou werkloos en drink kwaai. Sy word gevang vir winkeldiefstal en gaan terug kliniek toe. Lien moet haar spaargeld vir kos en huurgeld gebruik.</p>	<p>Mom is now unemployed and drinking heavily. She is caught shoplifting and returns to the clinic. Lien has to use all her savings for food and rent.</p>

Vrae:

1. Wat laat Ma weer begin drink?
2. Lien ontsnap tweekeer per week na Weird Maria en dink: "Wie is Lien Jooste om te sê dis weird?" (p137) Wat impliseer dit?
3. Wat was Ma se "glipsie"?

Aktiwiteit:

Ma sê Braam het groot voete soos sy pa. Ons het voorheen gelees Hein het 'n dik nek en groot neus soos sy pa. Wat voorspel hierdie soort ooreenkomste?

Hoofstuk 27 (p141-144)

p	Die town clown (dorpsnar)	The town clown
141	<p>Die klas kies Christiaan, die "lui village idiot" as klaskaptein en dit gee Lien kans om Dinsdae en Donderdae weg te glip om soggens ook te bedel.</p>	<p>Christiaan, the lazy "village idiot" is elected as class captain. This allows Lien to slip away on Tuesdays and Thursdays to beg in school time.</p>
143	<p>Ná drie weke vra Christiaan haar daarvoor en gee sy hom 'n vervalste brief wat sê sy het haar nek seergemaak.</p>	<p>After three weeks Christiaan confronts her and she produces a false letter to prove that she had injured her neck.</p>

Aktiwiteit:

Lien kan stokkies draai omdat mnr. Moller besig is met rugby-reëlings en Christiaan as klaskaptein gekies is. Bespreek Christiaan se verkiesing en die stereotipering van mnr. Moller as manlike onderwyser.

Hoofstuk 28 (p145-151)

p	Something for the poor, my koning (iets vir die armes, my heer)	Something for the poor, my king (master)
145	Lien stap na die sentrum om iets vir haar hoofpyn te koop. Tibbey word omgery en 'n afleweringstrok vermorsel sy bene.	As Lien walks towards the shopping centre to buy something for her headache, Tibbey is run over and his legs crushed by a delivery truck.
150	Die rooikopman laai Lien op en neem haar na sy luukse woonstel oorkant die Uniegebou. Hy gee vir haar geld en probeer haar liefkoos, maar sy weier.	The man with the red hair gives Lien a lift to his luxurious flat apposite the Union Building and then tries to seduce her, but Lien refuses his attentions.

Aktiwiteit:

Op p150 lees ons: "Sy sou tog nie . . . sou sy dalk . . . vir geld?" Bespreek die betekenis en implikasies van hierdie sin.

Hoofstuk 29 (p152-154)

p	Wat is sy van nou weer?	What is his surname again/
152	Terug by die woonstel gaan Lien aan die bewe en Dirkie maak vir haar kruietee. Sy vertel hom van Tibbey. Hy bel die polisie en hospitale om Tibbey op te spoor.	Back at the flat Lien starts shaking and Dirkie makes her some herbal tea. She tells him about Tibbey and he phones the police and hospitals to locate him.

Aktiwiteit

Lien skrik in die nag wakker en vra haarself af: "Hoekom het sy nie dadelik weggeruk nie?" Bespreek die moontlike redes waarom sy nie dadelik weggeruk het nie.

Hoofstuk 30 (p153-157)

p	Die Grafsteensangers	The Gravestone Singers (a music band)
155	Lien besoek Tibbey in die Akademiese Hospitaal (voorheen Hendrik Verwoerd).	Lien visits Tibbey in the Academic Hospital (previously Hendrik Verwoerd)

Aktiwiteit:

Bespreek die implikasie van die papegaai wat sê: "Die Grafsteensangers is hier."

Hoofstuk 31 (p158-161)

p	Die corner sonder entertainment (Die hoek sonder vermaak)	The corner without entertainment
159	<i>Braam kyk na 'n video van 'n prysuitdeling waar Lien 'n trofee ontvang.</i>	<i>Braam watches a video of Lien receiving a trophy at a prize giving event.</i>
160	Lien vra Hein om vir Tibbey 'n karretjie te maak.	Lien asks Hein to make Tibbey a cart.

	Lien is nou bang vir motors en Sproet en wonder of mense dink sy is 'n prostituut.	Lien is now afraid of cars and the redhaired man and she worries that people may think she's a prostitute.
--	--	--

Hoofstuk 32 (p162-165)

p	Iets wat Picasso kon bedink het	Something Picasso may have imagined
163	Lien gaan spreek mnr. Van Biljon by die rolbalkklub om vir Tibbey werk as karwag te gee.	Lien goes to ask Mr van Biljon at the bowling club to employ Tibbey as car watch.
164	Johnny maak of hy blind is en kry baie geld.	Johnny pretends to be blind and gets more donations.

Aktiwiteit

Waarna verwys die titel?

Hoofstuk 33 (p166-170)

p	Geldig vir dertig dae	Valid for thirty days
166	Hein kwoteer R2 800 vir Tibbey se driewielkarretjie. Tibbey se kollegas wil nie bydra nie en Lien beseft sy sal self daarvoor moet betaal.	Hein quotes R2 800 for Tibbey's three wheel cart. Tibbey's colleagues do not contribute and Lien will have to pay for everything herself.
167	<i>Braam kyk na 'n video van Lien en sy pa wat 'n gholftrofee ontvang.</i> Lien gaan kuier vir Tibbey. Mnr van Biljon sê Tibbey kan naweke karre oppas.	<i>Braam watches a video of Lien and his dad receiving a golf trophy.</i> <i>Lien visits Tibbey.</i> <i>Mr van Biljon says Tibbey can be a car watch on weekends.</i>

Aktiwiteit:

Lien se ma is in 'n kliniek en Tibbey is in die hospitaal. Bespreek wat elkeen verloor het en hoekom Lien by Tibbey kuier, maar nie by haar ma nie.

Hoofstuk 34 (p171-176)

p	Shopping is nie vir sissies nie	Shopping is not for cowards
171	Wouter kry sy bestuurderslisensie en hulle vier dit by die Wimpy.	Wouter obtains his drivers licence and they celebrate at the Wimpy.
172	Wouter verwys dikwels na Riekie. Lien vra hom om 'n Bloubul-vlag en -hoedjie en 'n fluitjie te koop.	Wouter mentions Riekie a lot. Lien asks him to buy a Blue Bulls flag and hat and a whistle.
173	Donovan bied haar weer werk in die salon aan, maar Lien weier.	Donovan offers her her old job at the salon, but Lien declines.
174	Roos vertel haar van haar lewe. Johnny skenk R102,48 vir Tibbey.	Roos tells Lien her life story. Johnny donates R102,48 to Tibbey.

176	Hein rig Tibbey se kamer by die rolbalkklub vir 'n parapleeg in.	Hein adapts Tibbey's room at the bowls club for a paraplegic.
-----	--	---

Vrae

1. Hoe oud is Wouter en watter leidraad vind ons hier?
2. Lien voel asof sy jare laas by die Wimpy gesit het. Wanneer en saam met wie was dit?
3. Waarom moet Lien dringend 'n Bloubul-vlag en -hoedjie koop?
4. Hoekom aanvaar Lien nie die werk by die salon nie?
5. Lien belowe om Hein eendag vir sy hulp te vergoed (p176). Direk daarna dink sy aan die matriekafskeid. Watter verwagting skep dit by die leser?

Aktiwiteit:

Op p175 lees ons: "Al is sy jammer vir hom, wil sy hom partymaal skud". Bespreek Lien se ongeduld met Tibbey en ook watter invloed haar eie omstandighede hierop het.

Hoofstuk 35 (p177-179)

p	Werk dinge in Londen ook so?	Do things also work like this in London?
177	Hein bring die driewielkarretjie wat hy vir Tibbey gemaak het en leer hom om dit te stuur.	Hein brings the three wheel cart that he had made for Tibbey and teaches him to steer it.
178	Lien en Hein neem Tibbey na sy kamer by die rolbalkklub.	Lien and Hein takes Tibbey to his room at the bowls club.
179	Lien gaan tot by die hek van die kliniek waar haar ma is, maar draai dan om.	Lien goes up to the gate of the clinic where her mother is, but then turns back.

Aktiwiteit

Lien het ver gery na die kliniek. Bespreek die moontlike redes waarom sy onverrigter sake omdraai.

Hoofstuk 36 (p180-182)

p	Cool, sou ek sê, actually	Actually cool, I would say
180	Saterdagoggend gaan haal Lien vir Tibbey. Hy is depressief en stil.	On Saturday morning Lien fetches Tibbey. He is depressed and quiet.
181	Toe verbygangers met hom korswil, begin Tibbey reageer en Lien kry tranes in haar oë. Hy sê sy is 'n ware vriend.	When passers-by start joking with him, he reacts and this brings tears to Lien's eyes. He calls her a real friend.
182	Lien kuier by Miemie en sien 'n tattoo van 'n besem op haar boud.	Lien visits Miemie, who shows her a tattoo of a broom on her backside.

Aktiwiteit:

Miemie sê niemand hoef haar tattoo te sien nie, want dit bemagtig haar as vrou (p182). Hoekom laat sy spesifiek 'n besem tattooëer en wat bedoel sy?

Hoofstuk 37 (p183-189)

p	Koue goed in groot glase	Cold stuff in big glasses
P183	Dit is September en warm. Lien hoop ma se pensioengeld kom sodat sy R20 000 kan hê om Londen toe te gaan. Die wind waai haar pruik af en Kuifie (die dominee) herken haar.	It is September and hot. Lien hopes her mother's pension will provide the R20 000 for her trip to London. The wind blows the wig off her head and Kuifie (the church minister) recognises her.
184	Kuifie eis dat sy in sy kar klim en hy neem haar na sy huis vir iets koude in groot glase. Kuifie sê die kerk kan help. Hy neem haar huis toe en sê hy kan reël dat haar ma 'n pos as musikonderwyseres by die laerskool kry. Hy vra of sy sy kinders sal oppas.	Kuifie insists that she gets into his car and he takes her to his house for something cold to drink. Kuifie says the church can help her. He offers to help her mother get a post as music teacher at the primary school and asks Lien to babysit for him.
187	Lien droom sy sit op Miemie-hulle se dak en kyk hoe haar ouers huil. Dan droom sy hoe Miemie 'n rou vis opeet.	Lien dreams that she is sitting on the roof of Miemie's house, watching her parents cry. Then she dreams about Miemie eating a whole raw fish.
188	Lien bel Donovan en sê sy sal in die salon gaan werk vir R40 per uur. Sy skrik drie-uur wakker en sien hoe <i>Braam na die nuusvideo kyk waarin haar pa tot vier jaar gevangenisstraf gevonnies word.</i>	Lien phones Donovan and says she will work for him at R40 per hour. She wakes at three o'clock and sees <i>Braam watching a newsclip of her father being sentenced to four years' imprisonment.</i>
189	<i>Braam kyk daarna na 'n video van hom op vier wat in die swembad piepie (soos op p2) en fokus lank op sy pa se gesig.</i>	<i>Then Braam watches a video of himself at four peeing in the pool (like on p2) and focuses on his father's face for a long time.</i>

Vrae:

1. Kuifie vra vir Lien: "Doen jy dit al lank?" Hoe lank doen sy dit al?
2. Lien noem Kuifie se vrou Valetjie. Wat is haar regte naam?
3. Lien se pa was 'n prokureur en is tot vier jaar gevangenisstraf gevonnies vir die steel van trustgeld. Ons lees egter op p189 "albei is prokureurs". Wat impliseer dit?
4. Op p189 word na die sokkerbod verwys. Watter jaar was dit en in watter jaar speel die verhaaldebeure dan af?

Hoofstuk 38 (p190-193)

p	Die ding met die kuif	The business with the fringe
190	'n Maand later werk Lien weer by Creations. Sy geniet dit nou en reël vir maats en haarself afsprake.	One month later Lien again works at Creations and enjoys it now. She makes appointments for her friends and herself.
191	Sy gaan sonder die pruik terug na haar bedelvriende. Johnny staan nou op haar plek.	She goes back to her beggar friends. Johnny stands on her corner now.

Vrae:

1. Waarna verwys die hoofstuktitel?
2. Tibbey en die ander bedelaars merk oënskynlik nie die verskil op tussen Lien met die pruik en daarsonder nie. Wat impliseer dit en hoe skakel dit met die feit dat hulle ná 'n maand reeds haar plek ingeneem het?

Hoofstuk 39 (p194-198)

p	Die besoek (1)	The visit (1)
194	Lien besoek haar ma in die kliniek.	Lien visits her mother at the clinic.

Vrae:

1. Christien sê op p 196: "Niemand het vir niemand 'n geheim nie en niemand kan 'n pose voor niemand hou nie. Almal is gelyk." Hoe stem dit ooreen met Lien se bedel-ondervinding en wat is die les hierin?

Aktiwiteit:

Lien vra vir haar ma (p199): "Sal ons ooit vir Pa kan vergewe?" Bespreek die kwessie van vergiffenis en skuld in hierdie konteks. Is dit reg dat kinders dink hul ouers skuld hulle 'n beter lewe?

Hoofstuk 40 (p199-201)

p	Die besoek (2)	The visit (2)
199	Lien besoek haar pa in die gevangenis. Hy het grys en effens krom geword en sy gesig lyk hartseer.	Lien visits her father in prison. He looks sad, his hair is grey and his shoulders are stooped.
200	Hy verduidelik hoe hy die trustgeld belê en verloor het en sê hy sal dalk meubels maak wanneer hy oor ses maande uitkom.	He explains how he invested and lost trust funds and that he would probably make furniture after his release in six months.

Aktiwiteit

Lien se pa het gedroom van "Jooste en Jooste" (p200). Bespreek wat dit beteken en hoekom dit nou onmoontlik sal wees.

Hoofstuk 41 (p202-206)

p	'n Bietjie kultuur	A little bit of culture
102	Die aand van die opvoering is Tibbey, Roos en haar dogter in die gehoor, asook Kuifie en Valetjie.	On the night of the production, Tibbey, Rose and her daughter are in the audience, and also Kuifie and Valetjie.
204	Ná die vertoning vra tannie Bets Lien se ma om klavier te speel en sy word luid toegejuig.	Afterwards Tannie Bets asks Lien's mother to play the piano and she draws loud applause.
206	Wouter en Riekie nooi Lien om die vertoning te gaan vier en sy weet sy gaan nie meer saam met hom matriekafskeid toe nie.	Wouter and Riekie invites Lien to a celebration and she realises that she won't be going to the matric dance with him.

Vrae:

1. Wat impliseer Kuifie se "Madiba-hemp" (p203)?
2. Lien voel asof sy vlieg (p203). Hoe "vlieg" haar ma?
3. Op p 204 lees ons "juffrou Breytenbach, die geurtjie van die oomblik". Wat beteken dit?

Aktiwiteit:

Lien trek ná die opvoering Weird Maria se klere uit (p203). Bespreek die metaforiese moontlikhede hiervan.

Naspel (p207-208)

Vrae:

1. Identifiseer die mense in die video en sê waaraan ons hulle uitken.
2. Wanneer is dié video geneem?

Die karakters

Vul die volgende karakertabel in terwyl jy die roman lees. Skryf net trefwoorde neer en gee telkens bladsyverwysings.

Die Jooste-gesin			
Lien Jooste	Braam Jooste	Ma Jooste (Christien)	Pa Jooste

Onderwysers			
Juffrou Breytenbach	Mister MacMillan	Mnr. Bruwer	Mnr. Visagie
Mnr. Moller			

Skoolmaats			
Wouter	Hein Venter	Chritiaan die hunk	Miemie Spies
Riekie	Sanet	Sally Swanepoel	Elma

Bedelaars			
Roos	Tibbey	Johnny	Magriet

Ander karakters			
Tannie Bets	Tant Malie	Kuifie	Blonde tweeling
Dirkie	Donovan	Sue-Ellen Swanepoel	

Ruimte

Vul alle verwysings na tyd, plek en atmosfeer in terwyl jy die roman lees. Onthou om bladsyverwysings te gee.

Tyd	Plek	Atmosfeer

2. Antwoorde op kortvrae

Voorspel (p1-2)

1. Inleiding, of toekoms-profesie.
2. Ongeveer ses, want sy is haasbek en klou aan 'n opblaaseendjie.
3. Ongeveer drie of vier, want hy het stewige beentjies, jaag hondjies, kan self sy swembroekie uittrek en piepie sommer in die swembad.
4. Gelukkig. Die dogtertjie babbel, die seuntjie speel met die hondjies, die man keer die kamera laggend weg en die vrou laat die kamera ruk asof sy ook lag.
5. Die leser word hier 'n "kykleser" en moet sy eie afleidings maak – hy raak dus aktief betrokke by die interpretasie van die merkers in die visuele teks.

Hoofstuk 1 (p3-5)

1. Die onomatopoeë soos "tjorr" en "ploinks" bring 'n onmiddellikheid na die teks, asof die leser dit self hoor.
2. Ongeveer sesuur. Tyd vir aandete. Daar is liggies onder in die dal deur die woonstelvenster sigbaar.
3. Die ete bestaan uit halfverbrande roosterbrood met roereier in 'n pan en sousboontjies uit 'n blik. Dit spreek van armoede en 'n onentoesiastiese kok. In die yskas dui veral die wyn in 'n *doos* en melk in 'n *sakkie* op min geld.
4. Uitsig.
5. Vioolmusiek word met kulturele ontwikkeling geassosieer – dit insinueer dus dat Ma fyn opgevoed is.
6. "ritueel", "behaaglike sug", haar "loom" stem, sy sug "geel en gelukkig" oor die uitsig, sy "giggel" wanneer sy sê Braam lyk soos Josh Groban, sy "glimlag vir hulle met ver oë", sy groet met "nighty night" en loop voel-voel kamer toe.
7. Geel.
8. Sy skeep die kosmakery af en eet self niks; sy val met klere en al op die bed neer en snork; sy sal waarskynlik nie môre gaan werk nie; en sy versorg nie haar kinders se klere nie.
9. Haar pa. Hy word nêrens genoem nie en is waarskynlik die oorsaak van hulle ellende.
10. Die lirieke van die liedjie "spot" met Lien se alleenheid.

Hoofstuk 2 (p6-11)

1. Sally Swanepoel se skoolrok, wat baie kort is.
2. "Wat 'n lieflike dag! (p6) Kom ons donner hom op!" Hy is in 'n goeie bui en het 'n aweregse humorsin.
3. Koffie.
4. Sy is 'n nuweling – nog net een jaar daar. Groepies ignoreer haar, sy skuil in biblioteek.
5. [LW: Praag is 'n stad, nie 'n land nie.] Japannese "loop nie met hulle hart op hulle mou nie", dus introverte, en hul huise is gestroop en koel. Praag se strakheid en oudheid lok haar.
6. Lien beland saam met onwaarskynlike karakters in 'n groepie om oor die regte te gesels. Sy begin skielik twyfel of sy nog 'n prokureur wil word. Miemie se vraag óf Lien 'n prokureur ken, vang haar onverhoeds en dit is duidelik iets wat haar ontstel.
7. Dit verwys na die dissipel Petrus wat, soos Jesus voorspel het, Hom tydens Sy kruisiging verraai het deur voordat die haan drie keer gekraai het, te sê: "Ek ken hom nie." Lien voel dus dat sy iemand wat 'n prokureur is, verraai deur te sê sy ken hom nie.

Hoofstuk 3 (p12-21)

1. Die tweede beweging van Prokofiëf se klavierkonsert. Die wanklanke van die mooi musiek dui op Ma se lewe wat verkeerd geloop het.
2. Sy het oud geword. Dit impliseer dat haar probleme twee jaar gelede begin het en dat Lien een jaar later na die nuwe skool gekom het.
3. Musiek help haar ontsnap van die werklikheid met sy probleme.
4. Hulle het saam by die nuwe skool, Jakaranda, begin en mekaar 'n paar dae later by die tandarts raakgeloop. Hy het haar na die Wimpy genooi. Hulle woon albei by hul ma (sy ouers is geskei en sy pa woon in Bloemfontein) en albei haat die nuwe skool.
5. Jakaranda in Pretoria.
6. Sy vermoed tannie Bets het sop en broodrolletjies gestuur.
7. Braam het op die vorige Moedersdag vir Ma die beker gekoop waarop staan: "Wat is 'n huis sonder 'n moeder?" Dit is ironies want hul huis is asof sonder 'n moeder. Die feit dat hy dit op 'n vlooiemark as 'n winskopie gekoop het, sinspeel op hoe goedkoop dié cliché geword het.
8. Ma is gelukkig wanneer sy met die musiek kan ontsnap. Geel is Lien se eufomisme vir dronk.
9. Ma sing vals omdat sy dronk is – soos die kakofonie (wanklank) van die titel.

Hoofstuk 4 (p22-34)

1. Juffrou Breytenbach klink eers na die stereotipe konserwatiewe, oudmodiese Afrikaans-juffrou. Die John Lennon-brillettjie verander dit na 'n modieuse, eksentrieke of hippie-agtige beeld.
2. Hulle is hooghartig, luidrugtig, grootpraterig en beteweterig.
3. Lien, het jy 'n oomblik? / Lien, kan ek 'n oomblik met jou praat?
4. 'n Koning of ander hooggeplaaste staan 'n oudiënsie of onderhoud aan 'n ondergeskikte toe. Lien impliseer sarkasties dat die juffrou haar 'n eer aandoen deur haar te woord te staan.
5. Sy het die juffrou onderskat.
6. Lientjie Dikbek, Lientjie Goorgat, ens.
7. Verraaier.
8. Departement van Binnelandse Sake – in die staatsdiens.
9. Sy moet haarself nie so bejammer nie want die lewe is vir almal moeilik.

Hoofstuk 5 (p28-34)

1. Sy raas oor die dik snye koek (p28). Sy kyk/praat "kwaai", "sy storm by Lien verby".
2. Sy wil beskaafd en gaaf voorkom voor die klante.
3. Dronk.
4. Anders as die stereotipe dominee met sy swart pak en stemmige haarstyl, is hierdie dominee jonk en *cool* met 'n gejelde kuif, denim en T-hemp.
5. Hy bedoel 'n kort kuiertjie.
6. Die predikant en Braam gesels lekker en sy voel uitgesluit.
7. Hy is te jonk en haar probleme te groot. Hy kort meer ervaring.

Hoofstuk 6 (p35-45)

1. Webwei.
2. Klik.
3. Stellenbosch en Potchefstroom.
4. Ja, omdat dit so tuin-agtig versier is.
5. Bo blink, maar onder stink. Dit verwys na vals fasades of mense wat hulle beter voordoen as wat hulle is. Wouter bedoel dit letterlik.
6. Nee. Sy kan nie 'n rok of kar bekostig nie.

7. Lien se oë wat groot en swart was toe sy vir die spieël gesê het sy haat haar pa (p5).

Hoofstuk 7 (p46-54)

1. Donovan. Hy “slaan die kitaar” (p46).
2. Donovan skinder saam. Dirkie luister net en sê iets soos “Nou toe!”
3. Lien se hare is oudmodies.
4. Hulle klou aan ‘n droom wat hoop gee, soos verpersoonlik in die bemoedigende Mara wat hulle weeg en aanmoedig.
5. Sou die honde nog leef.

Hoofstuk 8 (p55-60)

1. Lien besef dat sy dit geniet om deel van die groep te wees, veral om die gesogte rol te kry.
2. Sy het duidelik nie vir Wouter vertel waar haar pa is nie – waarskynlik gesê hy is dood.
3. Dit is ‘n vrouetydskrif en hy is alreeds ongemaklik om in ‘n haarsalon te wees.

Hoofstuk 9 (p61-65)

1. Ma se musiek, deur Russiese komponiste (p62).
2. Daar is amper geen kos in die huis nie en Ma luister na musiek pleks van om kos te maak vir haar gesin.
3. Toe sy nog ‘n pa, huis en troeteldiere gehad het.
4. Waarskynlik Ma, want Pa is op die leer.

Hoofstuk 10 (p66-71)

1. Nie een van die ma’s gebruik hul kwalifikasies nie en albei ontvlug van die werklikheid – een deur drank, die ander deur sepies. Albei pa’s is afwesig.
2. Sy wil regte studeer en dan ‘n advokaat of prokureur word.
3. Haar ouers is waarskynlik te besig om haar verjaardag te vier.
4. Om te vlieg – dus fantasie, ontvlugting.

Hoofstuk 11 (p72-76)

1. Die hare lyk dieselfde, maar Julia Roberts het ‘n baie prominente mond en ‘n breë glimlag; dus lyk Lien ongelukkig.
2. Sy het negatiewe assosiasies met mans. Sy voel haar pa ontmagtig haar ma.
3. Miemie is die onwaarskynlikste mens om Lien te laat lag, aangesien sy bitter is. Agterna voel hulle ongemaklik teenoor mekaar.
4. Hulle neem ander identiteite met die kostuums en maskers aan en ontsnap so van die werklikheid.

Hoofstuk 12 (p77-79)

1. Jakaranda: Pretoria word ook die Jakarandastad genoem weens die lanings jakarandabome langs die strate. Fonteine: Die bekendste baken by die suidelike ingang na Pretoria is ‘n groep fonteine binne ‘n sirkelpad, en langs dit die bekende Fonteine-piekniekoord.
2. Hulle dra gholfhempies vir krieket. Die borge is ‘n haarsalon – die teenoorgestelde van die manlike beeld wat krieket omgeef.
3. Hulle is gay en in die omgangstaal word dikwels na ‘n homoseksuele man verwys as “he bats for the other team”.
4. ‘n Impromptu van Frédéric Chopin. Dit is ‘n impulsiewe, skynbaar-ongestruktureerde komposisie vir klavier.

Hoofstuk 14 (p83-89)

1. Sy bedel naby haar blyplek en wil nie herken word nie.
2. Dat mans nie 'n verantwoordelikeheidsin het soos vroue nie. Sy assosieer die man met haar pa, wat die oorsaak van hul penarie is, en die haatspraak is teen hóm gerig, nie teen die motoris nie.
3. Mense wil nie aan armoede herinner word nie. Hulle voel ongemaklik. Dit is 'n tipiese sosiale probleem en houding.
4. Sy dink sy verdien nie die geld nie omdat haar ma werk. Sy voel ook sy bedrieg die goeheartige mense omdat sy 'n vals identiteit voorhou vir simpatie.
5. Roos se gesig is bruingebrand. Tibbey praat Sotho. Dit word nie reguit gesê nie om te impliseer dat armoede geen kleurgrense ken nie.
6. Ja, goedkoop skoene van Pep stereotipeer haar nuwe rol as armbanke.

Hoofstuk 16 (p94-97)

1. In die liedjie is Moon River “wider than a mile” – 'n lang afstand wat Lien moet oorsteek.
2. Dit impliseer dat sy die geld gesteel het.

Hoofstuk 17 (p98-101)

1. Kinders met rooi hare is snipperig en kwaai.
2. Die “ander” Lien Jooste, oftewel Lieen Djóste soos Tibbey haar naam uitspreek. Lien voel in die straatkultuur soos 'n afgevaardigde van 'n plek ver van daar.

Hoofstuk 18 (p102-108)

1. Sy glimlag skaapagtig – dom-verleë – omdat sy dronk is.
2. Later blyk dit dat sy nou genoep word om iets aan haar ma se drankprobleem te doen.
3. Hy ken die dominee blykbaar goed.
4. Dit herinner aan die onttrekkingsimptome, genoem “Cold Turkey”, en die feit dat sulke behandeling dalk vir Ma wag.
5. Hy preek soet woorde of cliché's oor God se liefde.

Hoofstuk 19 (p109-114)

1. Die dwelms wat Sally Swanepoel se pa rook.
2. Hy weet dit is vir Lien moeilik om in te stap ná die vorige dag toe Ma dronk by die skool was.
3. Hul ouers se foute is nie hulle skuld nie.
4. 'n Planeet. Haar pa is al twee jaar weg en onbereikbaar (in die tronk).

Hoofstuk 20 (p115-118)

1. Woonbuurte wat nou deftig is, is oor tien jaar dalk nie meer so mooi nie.
2. Sy het nie voorheen 'n bus huis toe gehaal nie. Twee jaar gelede was sy in graad tien, dus oud genoeg om dit te doen. Ons lei dus af dat sy oral heen geneem is.
3. Van kleins af. Sy onthou die biblioteek waarheen sy en Braam as “kleintjies” geneem is.
4. 'n BMW is stereotipies 'n duur motor. Ryk mense woon daar.
5. Haar geld is daarin. Sy het waarskynlik by die skool verkleed en direk daarvandaan die bus gaan haal.

Hoofstuk 21 (p119-121)

1. Tibbey sê Roos moet sjerrie drink vir die koue, maar sy drink nie. Die ironie lê daarin dat Ma kommin dooswyn drink en Roos, wat as stereotipe dalk sou drink, haar neus vir sjerrie optrek.
2. Tipiese sterk maar dom en saggeaarde (hy laat toe dat sy vrou hom doodpraat) arbeider.
3. Dalk haar dogter, die gesellin, want dié sal bedag op voorkoms wees.

Hoofstuk 22 (p122-124)

1. Miemie se opdrag aan Roberta, die kok. Dit dui op Miemie se status teenoor dié van Lien wat moet bedel om basiese kos te koop.
2. Sy word vriendelik onthaal en ontspan só dat sy Miemie in haar vertrouwe neem.
3. Pretoria lê tussen bergreekse en is bekend vir die snobistiese waarde wat aan huise teen berghange geheg word.

Hoofstuk 23 (p125-131)

1. Maak dit 'n cliché – Lien kan nie die verwagte verwelkoming-aksies uitvoer nie; dit maak haar ongemaklik en sy is kwaad vir haar ma.
2. Hulle hou haar met valkoë dop en luister fyn vir die geluid van die ysblokkies, maar praat nie oor die kliniek nie. Ma is onseker van haarself asof sy haarself ook nie vertrou nie.

Hoofstuk 24 (p129-131)

1. Miemie se seksie swart toppie wat haar gebrek aan bates beklemtoon. Sy is ook agttien, maar het nog nie 'n figuur nie. "Seksie" is dus hier ironies.
2. Almal is gespanne en ongemaklik, maar het tot hul eie verbasing pret.
3. Braam is buitengewoon vrolik of snaaks hoewel hy geen drank in het nie.
4. Hy wou die video (die nuusberig oor sy pa se vonnisoplegging) uithaal wat hy laas teen die muur gegooi het, maar besluit toe anders omdat dit hom sal ontstel en 'n lekker aand bederf.

Hoofstuk 26 (p135-140)

1. Sy het haar werk by Binnelandse Sake verloor.
2. Dat sy haarself as weird (eienaardig) ervaar en die rol dus oortuigend kan vertolk.
3. Winkeldiefstal. Sy het dooswyn van Pick n Pay gesteel.

Hoofstuk 34 (p171-176)

1. Agttien. Hy kry 'n bestuurderslisensie.
2. Op Miemie se 18de verjaardag, p68.
3. Vir Tibbey. Omdat hy sy lus vir die lewe verloor het.
4. Sy is nou gewoond daaraan om meer te verdien met haar bedelry.
5. Dat sy saam met Hein na die matriekafskeid sal gaan as beloning vir sy hulp aan Tibbey.

Hoofstuk 37 (p183-189)

1. Sy begin op p83 aan die einde van die somerhitte en die begin van herfs – dus ongeveer Maart in Pretoria. Sy doen dit dus reeds ongeveer ses maande.
2. Elna.
3. Hy en óf Nkobeni óf Lategan is saam gevonniss.
4. Voor 2004 toe ons die bod gewen het. Dit was twee jaar gelede, dus speel die verhaal in 2005 of -6 af.

Hoofstuk 38 (p190-193)

1. Op p49 wou Dirkie Lien se hare sny en “dié ding met die kuif” doen omdat haar haarstyl “last season” was. Dit dui hier op ‘n verandering van voorkoms en dan ook leefstyl.
2. Hulle het hulle nie aan haar voorkoms gesteur nie en in hulle “beroep” kom en gaan mense dikwels sodat hulle aanvaar het sy kom nie terug nie. Of hulle is so besig om te probeer oorleef dat hulle nie oor haar kan wonder nie.

Hoofstuk 39 (p194-198)

1. Daar was sy ook gelyk met en aanvaar deur Roos en Tibbey. Die les is dat armoede en alkoholisme nie vra wie jy is of wat jy besit nie.

Hoofstuk 41 (p202-208)

1. Hy wil in die openbaar wys waar sy politieke simpatie lê.
2. Deur te drink totdat sy geen pyn meer voel nie.
3. “Flavour of the month” – haar oomblik van glorie is verganklik en van korte duur.

Naspel (p207-208)

Aktiwiteit

1. Braam – bos swart krulhare; Lien – swart hare; Hein – prominente neus; Christien – lyk soos Lien; Pa – onhandige kamerawerk en blou plakkies.
2. Lien dra ’n T-hemp wat aandui dat sy drama studeer by Tuks (Universiteit van Pretoria). Pa sou ses maande later vrygelaat word, maar sou nie dadelik by die gelukkige prentjie inpas nie. Dit is dus heelwat later, dus ongeveer 2007.

Die karakters

Vul die volgende karakertabel in terwyl jy die roman lees. Skryf net trefwoorde neer en gee telkens bladsyverwysings.

Die Jooste-gesin			
Lien Jooste	Braam Jooste	Ma Jooste (Christien)	Pa Jooste
<p>Lang, reguit donker hare en groot swart oë (p5).</p> <p>Luister na Norah Jones op Walkman (p4).</p> <p>Besorgd omdat Ma nie eet nie (p4).</p> <p>Graad 12 (p22).</p> <p>Ontwyk buitemuurse aktiwiteite (p24), maar kry rol van Weird Maria in opvoering (p41).</p> <p>Bedank by koffiewinkel weens sin vir regverdigheid (p30).</p> <p>Speel Weird Maria (p55).</p> <p>Speel swak klavier (p63).</p> <p>Jaloers as Wouter met Riekie gesels (p67).</p> <p>Lyk soos Julia Roberts sonder die mond met pruik op (p73).</p> <p>Begeer om oorsee te gaan (p75).</p> <p>Kliek dadelik met Tibbey (p90).</p> <p>Raak geheg aan Weird Maria (p97).</p> <p>Vertel Miemie van Ma in kliniek (p124).</p> <p>Kwaad vir Ma oor drank (p125).</p> <p>Word agttien (p130).</p> <p>Weird Maria word 'n verlossing (p137).</p> <p>Vrees Sproet beskou haar as 'n prostituut (p150).</p> <p>Samel geld in vir Tibbey se karretjie (p160).</p> <p>Gaan studeer drama by Tuks (p208).</p>	<p>Swart krulhare (p1).</p> <p>Lyk soos Josh Groban (p4).</p> <p>Geïrriteerd met Ma se drinkery (p4).</p> <p>Amper 16 (p8).</p> <p>Boer by huis van Deon (p19).</p> <p>Speel TV kliphard (p26).</p> <p>As 5-jarige tekenkompetisie gewen met prent van hul straat (p31).</p> <p>Gesels met selfvertroue met Kuifie (p31).</p> <p>O/16 krieketspan (p60).</p> <p>Kyk video's van gelukkiger gesinsjare. Lyk soos Josh Groban (p130).</p> <p>Groot voete soos sy pa (p136).</p> <p>So min moontlik tuis (p137).</p>	<p>Ma. Christien Jooste Drink dooswyn en snork dan (p3).</p> <p>Luister na violmusiek (p3), klavierkonsert (p12).</p> <p>Speel klavier (p13).</p> <p>Musiek bring haar na aan die hemel.</p> <p>Was eens mooi, nou oud en verwaarloos (p13).</p> <p>Digte swart hare (p13).</p> <p>Werk by Departement van Binnelandse Sake (p26).</p> <p>Was voorheen klavieronderwyseres (p63).</p> <p>Na kliniek vir drankverslawing (p111) vir vier weke (p121).</p> <p>Vra kinders om verskoning dat sy so uitgerafel het (p127).</p> <p>Onseker van haarself (p128).</p> <p>Verloor haar werk en drink weer (p135).</p> <p>Ná 'n maand word sy gevang vir winkeldiefstal (p139) en weer opgeneem.</p> <p>Besef sy was 'n vreeslike ma, maar moet haarself vergewe (p197).</p> <p>Speel weer klavier (p204).</p>	<p>Lang, fris man met donker krulhare wat vleisbraai (p2).</p> <p>Lagplooitjies om mond, oë wat altyd lag en vreeslike lag wat almal laat omkyk (p187).</p> <p>Prokureur wat van die rol geskrap en tot vier jaar gevangenisstraf gevonnissen is vir die diefstal van trustgeld (p189).</p> <p>Onhandig (p201).</p> <p>In die tronk lag sy oë nie meer nie (p199) en hy lyk onseker (p200).</p> <p>Lief vir droëwors (p201).</p>

Onderwysers			
<p>Juffrou Breytenbach Afrikaans (p22). John Lennon-brillettjie, lekker deurmekaar (p25). Ry rooi Renault (p81).</p>	<p>Mister MacMillan Engels. Weird, los klere, steur hom nie veel aan reëls nie. (p8).</p>	<p>Mnr. Bruwer Lewensoriëntering. Nonsenspraterij, huiswerk doen (p9).</p>	<p>Mnr. Visagie Bibliotekaris (p36).</p>
<p>Mnr. Moller Voogonderwyser. Rig eerste rugbyspan af (p141).</p>			

Skoolmaats			
<p>Wouter Lank met deurmekaar hare (p18, 172). Laat Lien lag (p18). Ouers geskei. Pa in Bloemfontein, Ma na Pretoria vir "Nuwe Begin" (p19). Nie eintlik 'n soet tand nie (p17). Nooi Lien na matriekafskeid (p102). Vol snaakse sêgoed (p171). Gaan saam met Riekie matriekafskeid toe (p206).</p>	<p>Hein Venter Wil regte studeer (p10). Lyk ouer, hardebaard. Baie fris, prominente neus, blonde kroeserige krulhare. Dom, min woorde. Speel Moon River op mondfluitjie (p95). Pa is 'n bouer. (p113) Sy pa wil hê hy moet prokureur word, maar hy wil met sy hande werk (p113). Kort, dik nek, krullerige blonde hare en yslike neus (p120). Gawe ouers (p120). Nooi Lien na matriekafskeid (p127). Maak driewielkarretjie vir Tibbey (p159, 177). Word Lien se kêrel (p207).</p>	<p>Christiaan die hunk Town Clown (p24). Rook (p37). Speel Dawid. Village idiot (p141). Klasleier (as grap bedoel) wat rekord hou van afwesighede, word so paspoort vir Lien om stokkies te draai om te gaan bedel (p141).</p>	<p>Miemie Spies Klein, maer, dik bril, yl haartjies. Wil regte studeer (p10). Speel rol van skoonmaker in opvoering. Woon in luukse huis teen die berg, net 'n paar blokke van Lien se woonstel (p122). Word met swart Mercedes afgelaai (p68). Pa in Kaïro vir IT- besigheid (p114). Luister Pussycat Dolls in motor. Patsy, is haar wit hondjie. Ma is 'n sepieslaaf met 'n meesters- graad in toegepaste wiskunde (p69) en pa is weird (p124). Platborstig (p129). Besem-tattoo op haar boud (p182).</p>
<p>Riekie Speel Rona in opvoering. Flirteer met Wouter (p67). Wouter noem haar</p>	<p>Sanet Speel Jenny, die tert.</p>	<p>Sally Swanepoel Terterig. Wil regte studeer. (p10). Lang, koperrooi hare en kort</p>	<p>Elma Speel Esther.</p>

naam dikwels (p172). Sy gaan saam met hom matriekafskeid toe (p206).		rokkies. Rook. Haar pa drink en rook sterker goed as Camel Filters (p110).	
---	--	---	--

Bedelaars			
Roos	Tibbey	Johnny	Magriet
<p>Oud, sonverbrand. Rook. Pienk handsakkie (p86). Regular bedelaar. Styfgepermd hare en langmourok (p98). Drink nie, maar kry baie koud (p121). Haar man is lankal weg. Hulle het op 'n plaas by Tzaneen gewerk (p173). Roos het op plaas leer Sotho praat. Toe steel haar man geld en boer jaag hulle weg. Man vat toe flossie en verdwyn. Bottelblonde dogter was in matriek. Toe Pretoria toe. Dogter het by versekeringsmaatskappy gewerk, toe met slegte man deurmekaar geraak en drie witkopkindertjies gehad toe hy haar los (p174). Dogter laai Roos op in 'n stokou oranje Datsuntjie (p86).</p>	<p>Jongerig. Bloubul-pet laat mense geld gee. Come and go-bedelaar (p86). Sotho. Vermaak verbygangers. Roos noem dit Entertainment Corner. Bly in 'n kamer by die rolbalkklub in ruil vir twee dae tuinwerk. Omtrent 23 jaar oud (p101). Soms 'n motorwag by die sentrum. Sokker is sy ding. Het al vir Mamelodi se club teams gespeel (p101). Word omgery (p145) en verloor sy bene (p155). Depressief (p170). Bedel in karretjie (p181) en herwin lewenslus.</p>	<p>Maer mannetjie met yl haartjies wat regop staan (p99). Groot gryserige broek met flenterbelt (p99). Gee Lien R50 (p100). Maak of hy blind is (p164).</p>	<p>Armoedige rokke en patetiese look (p132).</p>

Ander karakters			
<p>Tannie Bets Buurvrou, nommer 504. Gesellige woonstel (p32). Kry vir Lien werk. Op dieet, weeg Donderdae by Weigh-Less. Ry Golfie. Nooit getroud nie, maar gelukkig op haar eie (p51). Sorg vir Joostes wanneer Ma in kliniek is (p140).</p>	<p>Tant Malie Dry Koffiewinkel-eienares: Maliese Tuin (p14). Oranje hare, kort, ronde lyf (p14). Kan lekker tantrum, maar raak gou weer goed (p17). Moeilike Malie (p17).</p>	<p>Kuifie Dominee Gerhard. Sy vrou, Elna, is swanger. Dra vlooi-markklere (p105). Blonde gejelde kuif. Fyn gelaatstrekke (p105). Herken Lien toe haar pruik afwaai (p183), neem haar na sy huis (p185) en sê die kerk kan haar help.</p>	<p>Blonde tweeling Su-Marie en San-Marie. Binnenshuise swembad (p114).</p>
<p>Dirkie Haarkapper. Vroeë twintigs. Maer met wilde bos hare en lelike vel (p33). Praat min (p47). Wip hom dikwels vir Donovan (p47). Woonstel lyk soos <i>Garden and Home</i> (p104). Hy sê sy moet met Gerhard, die jong dominee (Kuifie), gaan praat. Hy is simpatiek, kerkvas en gelowig (p104). Sy kat is Katrien. Hy sê dinge soos "amazing" (p153).</p>	<p>Donovan Gert Petrus Engelbrecht. Haarkapper. Korterig, kaalgeskeerde kop, baie los swart hemp wat oor sy denim hang en rolletjies om middellyf wegsteek. Goue stud in linkeroor. Nie so jonk soos sy trendy outfit nie (p46). Noem Lien Engel (p48).</p>	<p>Sue-Ellen Swanepoel Lien neem haar plek in die salon omdat sy en Peet 'n baba het. Lyk soos 'n lang, maer anoreksiese model met hare soos Patricia Lewis en langste bloedrooi naels (p74).</p>	<p>Mary Morning Glory Skoonmaker by haarsalon (p47).</p>
<p>Sproet (Rooikopman) Gordon. Bestuur wit Volvo. Suur vrou met muismondjie, dogtertjie met rooi ponytails, sproete en brilletjie (p98). Kyk stip na Lien (p134). Laai Lien op ná Tibbey se ongeluk (p147), neem haar na sy woonstel en probeer haar verlei. Lien droom van hom (p157).</p>			

Ruimte

Vul alle verwysings na tyd, plek en atmosfeer in terwyl jy die roman lees. Onthou om bladsyverwysings te gee.

Tyd	Plek	Atmosfeer
<p>Josh Groban en Norah Jones. Chuck Norris (p7). Braam kyk video, maar op skool het hulle DVD (p23). Walkman, nie MP3 nie. Braam skree Amandla! (p7). Lien is een jaar in nuwe skool. Christien het "myle opgesit die laaste twee jaar" (p13). Dirkie se haarkappery heet Millenium Creations (p33). Braam kyk Sewende Laan (p52). Totdat Eugene Terre'Blanche eendag vir die ANC stem (p57). "kyk wat ons kan doen om jou soos Brad Pitt te laat lyk" (p58). Radio Jakaranda speel 'n liedjie van Theuns Jordaan (p59). So baie dinge die afgelope twee jaar verander (p64). Jy lyk soos Julia Roberts (p73). Sue-Ellen het 'n bos blonde hare wat Patricia Lewis jaloers sou hê (p74). Michael Mol op Top Billing (p79). Dit word herfs (p80). Die lente breek aan (p121). Ma kom tuis (4 weke verby) (p125). Gerugte van Suid-Afrika se 2010 sokkerbod (p189).</p>	<p>Pretoria (p19). Jakaranda Hoërskool (p19). Groen skooltrui, liggroen krikethempies. Woonstel op 2de verdieping (p19). Malie se Tuin (p14). Millennium Creations haarsalon (p47). Bedelplek: besige kruising (p83). Lien se huis (p117).</p>	<p>Norah Jones se lirieke weerspieël hoe Lien voel. p5: A little girl with nothin wrong / Is all alone p13: As I sit and watch the snow / Fallin' down / I don't miss you at all p19: Another love before my time / made your heart sad an' blue / And so my heart is paying now / For things I didn't do. P33: There was a time when I believed / That you belonged to me / But now I know your heart is shackled / To a memory</p> <p>Pretorianers is haastig, doelgerig en altyd eindeloos op pad (p92).</p>

3. Inligting oor die skrywer

Die volgende tekste is op die internet beskikbaar en kan verwerk en gebruik word vir agtergrond- of voorstudie in die vorm van begrips- of luistertoetse.



Commendatio vir die Sanlampryse vir Afrikaanse Jeuglektuur 2007 (Namens die keurpaneel opgestel deur Amanda Botha, Februarie 2008)

Die Goue prys in vanjaar se kompetisie gaan aan **Derick van der Walt vir *Lien se lankstaanskoene***.

Lien is die oudste kind in 'n disfunksionele huishouding, waar die status van die gesin van welgesteld tot armblyk verander het weens die misbruik van trustfondse deur haar prokureurspa, nou 'n gevangene, en waar haar ma weens haar onvermoë om die situasie te verwerk, 'n alkoholis word. Al wat oorbly van die glans van 'n vroeë lewe is 'n woordlose video met grepe van gelukkige tye saam. Die besorgdheid van 'n buurtannie help in die donkerste ure van die gesin, terwyl dit nodig word vir Lien om uit te spring om brood op die tafel te sit.

Vir haar en haar jonger broer, Braam, oor wie sy besorg is, is daar aanpassingsprobleme by die nuwe skool, maar deur veral twee vriende, Wouter en Miemie, elk met hulle eie verwondheid, herwin Lien vir haar 'n eie plek. Sy doen na skool loswerkies vir 'n inkomste, veral om die aand kos op die tafel te kry en te spaar vir 'n beplande oorsese reis. Die behoeftes van die gesin kan egter nie alleen deur die wisselvallige inkomste aangespreek word nie.

Terwyl haar ma se alkoholisme tot tragiese dieptes verval, begin sy in 'n vermomming op 'n straathoek bedel, waar sy randkarakters soos Roos en Tibbey leer ken en geleidelik hulle vertroue en vriendskap wen. Ondanks uitdagende omstandighede slaag sy daarin om 'n verantwoordelikhedsin te kweek wat hulle posisie as gesin ook geleidelik positief beïnvloed. Die wyse waarop sy op haar gesins- en persoonlike uitdagings reageer, help haar om te groei, haar roeping te vind en vrede te maak met haar verlede.

Vanaf die aangrypende openingstoneel word die aandag geboei met stilistiese vernuf, oortuigende karakterisering en geloofwaardige ruimtebeelding. Die skrywer het 'n oorspronklike aanslag wat weerspieël word in die oorspronklike taalgebruik en skerp, vermaaklike dialoog. Respek vir die woord staan sentraal in hierdie manuskrip.

Die gang van gebeure word so gestruktureer dat die leser meegevoer word en dit moeilik vind om die manuskrip neer te sit. Die narratief word effektief afgewissel met beskrywings van ou, klanklose videogrepe. 'n Uitgebreide verwysingsraamwerk van musiek en ander motiewe word deurgaans gehandhaaf en uitgebou – so word die verhaal effektief gelaai met sekondêre betekenislae.

Hierdie verhaal spreek ook van 'n maatskaplike gewete, wat dit vierkantig plaas binne die konteks van ons sosiopolitieke landskap. Dit is 'n verhaal wat die leser subtiel uitdaag om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy eie geluk en om die goeie in mense en situasies raak te sien, wat werklik 'n vars bries is.

In gesprek met Derick van der Walt

Kopiereg Holderstebolder 2008-2009. Onderhoud met toestemming verkry van Affro se webtuiste.

Met *Lien se lankstaanskoene* het Derick van der Walt die Sanlam-prys vir Jeuglektuur (Goud) verower. LitNet se jeugverslaggewer en voorsitter van Affro (Hoërskool Rondebosch se Afrikaansvereniging), **Adriaan Louw**, het gesels met die outeur nadat die boek by Tafelberg verskyn het.

Derick, vertel my so bietjie meer van jouself en jou loopbaan.

Ek is 'n kommunikasiekonsultant van Pretoria. As direkteur van 'n firma wat in die korporatiewe-kommunikasiewêreld bedrywig is, is ek onder meer verantwoordelik vir die produksie van 'n paar korporatiewe publikasies wat gereeld verskyn. My vrou se naam is Lenie en ons het drie groot seuns. Lees, fliék, musiek, rugby, goeie kos en koue wyn lê my na aan die hart.

***Lien se lankstaanskoene* is emosioneel omvattend en dramaties. So 'n verhaal het noukeurige beplanning nodig. Wanneer is Lien gebore?**

Ek kan eerlikwaar nie meer presies onthou nie. Daar was nie sprake van noukeurige beplanning nie. Die eerste hoofstuk wat ek geskryf het, het uiteindelik eers later in die boek 'n plek gekry. Die storie het gegroei namate ek geskryf het. Ek het die hoofstukke nie in volgorde geskryf nie, maar het min of meer geweet waarop die storie afstuur. Die eerste en die laaste video ("voorspel" en "naspel" in die boek) het ek byna heel aan die begin geskryf.

Ek het aanvanklik ander planne vir Lien se dilemma gehad, maar die storie het verander soos ek dit geskryf het. Ek het lank gewik en geweeg tussen 'n "gelukkige" en 'n "ongelukkige" einde.

Die vraag of bevoorregte tieners gaan sink of swem wanneer die mat onder hulle voete uitgeruk word, het my nog altyd geïnteresseer. Dis vermoedelik waar Lien gebore is.

Hoe het jy te werk gegaan om hierdie boek te skryf? Het jy eers al jou karakters en situasies beplan, of het daarvan opgeduik terwyl jy geskryf het?

Weer nee. Ek het niks beplan nie en het op intuïsie geskryf, hoewel ek die basiese storie in my kop gehad het. Behalwe die kerngesin - Lien, Braam die ma en die pa - en hulle familiekrisis het die ander karakters later opgeduik. Wat met hulle gebeur het, het mettertyd ontwikkel.

Hoekom het jy besluit om jou hoofkarakter 'n meisie te maak in plaas van 'n seun?

Ek was van die begin af seker dat 'n meisie groter trefkrag vir die storie as 'n seun sou hê. 'n Seun sou moontlik anders in só 'n situasie gereageer het.

Was dit soms moeilik om jouself in 'n meisie se skoene te plaas?

Ek het nie so gedink terwyl ek geskryf het nie. Die manuskrip waaraan ek nou werk, het drie tienerbroers as hoofkarakters. Dis makliker. Die verwysingsveld is meer bekend. Ek was egter katvoet vir goed wat ek nie van meisies weet nie. Die matriekafskeid speel 'n klein rolletjie in die boek en ek het weggebly van matriekafskeidrokke en sulke goed.

Musiek speel 'n groot rol in die boek - van pop en hip-hop tot klassieke klavier en orkeskonserte. Moes jy ooit gaan navorsing doen het, of het jy van jou eie musieksmaak gebruik gemaak?

Ek is gek oor alle soorte musiek en al die musiekverwysings in die boek kom uit my CD-versameling. Die Pussycat Dolls is 'n uitsondering. My kinders het my vertel wat hulle meen ek oor dié groep behoort te weet en ek moes op die internet gaan rondsoek om hulle lirieke aan te haal.

Die karakters ervaar 'n emosionele rilrit. Het jy ooit gestop en eers gedink hoe vandag se jeug die situasies sal hanteer?

Ja, dikwels, en ek het gewonder of lesers sou dink om op 'n straathoek te bedel is 'n maklike manier om geld te verdien. Ek vermoed dit moet hel wees.

Maar ek hou nie daarvan dat mense kollektiewe karaktertrekke aan groepe soos tieners, middeljarige mans of ou tannies toedig nie. Ek glo nie mense van 'n sekere ouderdom is almal A, B of C en dat hulle almal

sus of so maak en dink nie. Ek wou Lien as 'n individu voorstel wat die situasie op háár manier hanteer het.

Die boek is gemik op die jeug. Is daar 'n boodskap wat daarmee gepaard gaan wat jy aan jou lesers wil oordra?

Ek dink nie die boek is net op die jeug gemik nie. Omdat tieners die hoofkarakters is, maak dit Lien nie noodwendig 'n jeugboek, of nét 'n jeugboek, nie. Die meeste mooi dinge wat tot dusver oor die boek gesê is, kom van volwasse lesers. Ek hoop natuurlik dat jongmense daarvan sal hou.

Die boek het nie 'n lesie of 'n boodskap nie. Maar ek glo aan die ou, geykte uitdrukking dat jy eers 'n paar tree in iemand se voetspore moet loop voordat jy kan sê. Dié lewensfilosofie het waarskynlik deurgeslaan.

Lien se droom is om die wêreld te sien. Is reis een van jou stokperdjies?

Beslis. Ek is mal oor Europa en was vanjaar die eerste keer in New York. Ek was so tuis daar dat ek nie wou huis toe nie. As die skip kom, beplan ek en my vrou om nog baie te reis.

Lien, is soos miljoene matrikulante, onseker wat hulle roeping in die lewe is. Wou jy altyd 'n skrywer word, of moes jy ook eers hierdie struikelblok oorkom?

Ek het in matriek nie 'n clue gehad wat ek wou doen nie en het paniekerig alles onder die son oorweeg, selfs die regte, waarvoor ek 'n beurs gehad het. Ek het my gelukkig betyds bedink. Dit sou 'n ramp gewees het. Maar 'n mens beland waarskynlik uiteindelik waar jy moet wees. Ek skryf nog my lewe lank professioneel en in my agterkop het ek geweet dat ek eendag kreatief sou skryf. Eendag het so drie jaar gelede aangebreek.

Ek preek altyd vir my seuns dat 'n mens nie te onrustig moet wees as jy nie nou al presies weet wat jy wil doen nie. Volg jou hart en moet glad nie aan geld dink nie. As jy doen wat jy moet doen, sal die geld kom, aldus hul wyse pa. (Die storie oor die geld val waarskynlik op dowe ore.)

Ons ontmoet hoofsaaklik drie onderwysers by Jakaranda Hoërskool, by name mnr Macmillian, juffrou Breytenbach en ou Uil (die skoolhoof). Is hulle karakters en klerestyl gebaseer op onderwysers uit jou skooljare?

Almal is fiktief behalwe mnr MacMillan, wat losweg op 'n onderwyser gebaseer is wat vir ons Engels op hoërskool gegee het en ernstig weird aangetrek het. Die enigste karakters wat effens op die werklikheid geskoei is, is die bedelaars Roos en Johnny. Hulle lyk soos mense wat hier in ons omgewing doenig is, hoewel ek hulle net van sien ken.

Is Lien se karakter op 'n regte persoon gebaseer?

Nee, maar as ek 'n dogter kon hê, sou ek daarvan gehou het as sy soos Lien was. Ek hou van haar hardegatheit.

Lien se lankstaanskoene is sowaar 'n groot sukses en het die Sanlam-prys vir Jeuglektuur (Goud) gewen. Terwyl jy die verhaal geskryf het, het jy ooit gedink dat dit só suksesvol sal wees?

Glad nie. Ek was baie onseker oor die manuskrip en of mense nie gaan dink dis 'n klomp twak nie.

Ek het 'n traantjie gepink terwyl ek twee tonele aan die einde van die boek geskryf het en maar gehoop dat dit ander mense ook sal roer. Ek het die manuskrip nadat dit klaar was, baie versigtig vir 'n paar mense gegee wie se oordeel ek vertrou.

'n Vriendin was beïndruk. Sy het die manuskrip laat bind en dit vir wyle prof Elize Botha, 'n familievriendin van haar, in die hospitaal geneem. Prof Botha, wat besig was om aan kanker te sterf, het baie van die manuskrip gehou en dit was die eerste keer dat ek beseft het die boek kan dalk werk. Dit beteken vir my baie dat Lien een van die laaste goed was wat tannie Elize gelees het.

'n gouegroentjie

Marenet Jordaan SKRYWER | taal Junie 2008

Om met 'n goue toekenning in die Afrikaanse afdeling van die Sanlamprys vir Jeuglektuur 2007 weg te stap, wil gedoen wees. En as jy dit boonop as 'n beginner-skrywer regkry, sit mense regop en vra: “Waar kom hy vandaan?”

Derick der Walt het gedink hy gaan eendag “siniese *suburbia*-stories” skryf. Sy debuutroman, wat die goue medalje in die Sanlamprys vir Jeuglektuur losgeslaan het, handel egter oor 'n matriekmeisie wat kop bo water te midde van 'n familiekrisis moet hou.

Die Sanlamprys is nie Derick se eerste prys vir skeppende skryfwerk nie. In graad vyf het hy vir die *Jongspan-ateljee* op die destydse Afrikaanse radio 'n storie geskryf. “Dit was 'n spannende storie wat op 'n eiland afgespeel het. Daar was 'n duikboot en 'n meisie met raafswart hare – dít sal ek nooit vergeet nie!” Sy prysgeld was 'n volle een rand.

Derick is 'n Pretorianer en hy en sy vrou, Lenie, het drie seuns, Tjaart (24), Werner (20) en André (19). As direkteur van 'n korporatiewekommunikasiemaatskappy skryf Derick al byna sy hele lewe lank. Hoewel hy gedink het hy sal eendag skeppend skryf, was 'n jeugboek die laaste ding in sy gedagtes.

lien se storie

Hy het ook nooit beplan om 'n boek te gaan sit en skryf nie. “Ek het een Saterdagoggend sesuur wakker geword – wat ongewoon is, want ek slaap laat,” vertel hy. “Daar was

hierdie storie in my kop oor jongmense. Ek het gehol vir 'n skryfding, wat ons telefoonboekie was. Ek het geskryf wat hulle name gaan wees, hoe hulle lyk en wat gaan gebeur. Toe het ek gesit en die storie verder vertel. En heeldyd gewonder hoekom ek dit nie vroeër gedoen het nie!”

As 'n pa van drie groot seuns het Derick maar min kennis van matriekdogters se leefwêreld gehad. Daarom het hy sy manuskrip geheim gehou tot hy daarmee klaar was. “Ek het gesit en skryf op my skootrekenaar en gewonder of die ding werk.” Hy was eers gerusgestel nadat 'n vriendin van hom die manuskrip aan wyle prof. Elize Botha, wat destyds sterwend in die hospitaal was, gewys het. “Tannie Elize het baie daarvan gehou en ek het besef dit kan dalk werk.”

Sy boek noem hy *Lien se lankstaanskoene*. Dit verwys na sy hoofkarakter wat op die ou end met 'n bedelplakkaat op straat eindig, verduidelik hy. “Daar ontmoet sy 'n paar wonderlike karakters en vind uit dat die mense wat daar staan nie noodwendig slegte mense is nie.”

“Die boek is hoofsaaklik 'n familie- in-krisis storie,” sê Derick. “Ek hou nog altyd daarvan. Fliëkgewys werk dit ook goed. Dit gaan oor 'n meisie wat goed grootgeword het en oornag word die mat onder haar voete uitgeruk. Sy, haar broer en haar ma moet leer om hul eie potjie te krap. In die proses leer sy 'n paar lesse oor die lewe en kom as 'n beter mens aan die ander kant uit. Dit gaan oor vergifnis en aanpassing en wat gebeur as jou lewe oornag verander: Sink jy of swem jy?”

Om die egtheid van sy karakters te verseker, het hy self met bedelaars op straathoeke en met motorwagte gaan praat oor wat hulle bedags doen. “Dit is 'n groot openbaring.” Daar is ook 'n ma-karakter wat 'n alkoholis is. “Ek het nie geweet hoe grafies ek haar moet uitbeeld nie: Moet sy slinger en val?” Daarvoor het Derick met mense gepraat wat in inrigtings was.

Hy beklemtoon dat sy boek nie 'n tranetrekker is nie. “Ek het dit lig probeer hou.”

nog boeke in sy kop

Die keurders van die Sanlam-kompetisie was duidelik uiters beïndruk met Derick se werk. Melt Myburgh, medekeurder, sê onder meer: “Die skrywer het 'n oorspronklike aanslag wat gereflekteer word in knap taalgebruik en skerp, vermaaklike dialoog. Ek was geboei deur sy stilistiese vernuf en die geloofwaardigheid waarmee hy lewe aan sy karakters binne die wêreld van die boek gegee het. Die gang van gebeure word so gestruktureer dat die leser meegevoer word en dit moeilik vind om die manuskrip neer te sit.” Derick sê laggend hoewel hy nie alles in dié keurdersverslae verstaan het nie, is dit vir hom wonderlik en beteken die prys baie. “Ek was nooit die tipe pa wat my seuns se fietse reggemaak het of hulle gevat het om te gaan jag of vis te vang nie, want ek kón eenvoudig nie. Ek het hierdie boek vir hulle geskryf om vir hulle te wys ek kán ook iets doen!” Volgens hom is hulle gesin regtig pèlle wat saam voor die televisie kan lê en giggel.

Rolprente is nog 'n groot liefde. “Ek sal maklik, as my werk dit toelaat, Donderdag én Vrydag drie fliëks gaan kyk. Dit is nie 'n sosiale uitstappie nie, ek gaan om die fliëk te kyk.” Hy wil nog baie reis, op sy oudag leer kitaar speel en dalk ook tyd maak vir 'n meestersgraad.

Maar vir eers is daar nog stories wat moet uit. Hoewel hy nie van plan is om ooit voltyds te begin skryf nie, is hy reeds besig met 'n vrolike seunsboek. Hy het ook 'n lekker volwasse storie in sy kop. “Dit gaan baie navorsing en tyd neem, maar ek sal dié een rustiger vat.”

Tog raai hy aspirant-skrywers aan om 'n spertyd te stel. “Kompetisies help. Ek dink dit dwing jou om 'n ding klaar maak,” erken hy. “Daar is baie mense wat wil en kan, maar al klink dit soos 'n cliché, is dit harde werk. Sê vir jouself jy gaan 'n kortverhaal aan die einde van die maand klaar hê en stuur dit dan vir iemand. Jy moet prakties wees en nie net droom nie.”

“Dit is hemels om stories te vertel,” verklap Derick. “Ek glo regtig elke mens is met 'n doel op hierdie aarde. Dit is nie noodwendig om 'n volk te lei of vir die Blou Bulle rugby te speel nie, maar jy is hier en jy het talente. Ek vermoed dit is dalk wat ek moet doen – om stories te skryf.”

4. Glossarium van literêre begrippe

afloop	Ontknooping, afwenteling of <i>dénouement</i> . Die deel van die verhaal ná die klimaks waar tergende geheime opgelos en sake afgehandel word.
antagonis	Die teenstellende karakter wat die protagonis in 'n konfliktsituasie bedreig of met hom bots.
antiklimaks	Die omgekeerde van klimaks; onverwagte teleurstellende uiteinde.
antitese	Teenstelling van gedagtes wat uitgedruk word deur parallelisme wat skerp teenoor mekaar staan, bv. "Hoe meer haas hoe minder spoed".
atmosfeer	Die "gevoel" of tydsgees van die roman wat geskep word deur beskrywings, taalgebruik en verwysings na kenmerkende situasies van die tydperk.
buiteverteller	Alwetende, alomteenwoordige of derdepersoonsverteller.
chronologies	Normale, liniêre tydsverloop. Verhaalgebeure is gerangskik in die volgorde waarin dit gebeur het.
hiperbool	'n Stylfiguur waarin buitensporige, doelbewuste oordrywing gebruik word. Gewoonlik 'n humoristiese manier van beklemtoning.
hoofkarakter	Die sentrale of belangrikste karakter in die roman.
innerlike konflik	Die spanning wat in 'n karakter geskep word deur die botsing van emosies soos begeertes, behoeftes, drange en vrese.
intrige	Die storieplan of plot wat spanning laat opbou. 'n Roman kan ook subintriges, oftewel ondergeskikte storielyne, hê.
inversie	Omkering, omdraaiing van woorde of bedoeling.
ironie	Woordgebruik waarmee 'n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat 'n mens kon verwag het. Ironie berus op kennis en insig, daarom verskaf dit 'n gevoel van slimwees en genot by die snap daarvan (die aha-sensasie). Ironie kan ook terugwerkend of terugskouend (retrospektief) wees.
karikatuur	'n Oordrewe uitbeelding van 'n karakter deur die oorbeklemtoning van sy kenmerkende om die spot te dryf.
klimaks	Die hoogtepunt van die verhaal wanneer die spanning breekpunt bereik. Gewoonlik is dit ook die keerpunt in die hoofkarakter se lewe.
konflik	Botsing wat dramatiese of humoristiese spanning veroorsaak.
kontras	Teenstelling.

- onomatopee** Klanknabootsing. Die gebruik van woorde om klanke te skep of na te boots.
- metafoor** 'n Assosiasieproses waardeur een ding deur 'n ander met soortgelyke eienskappe in die verbeelding opgeroep word.
- metonimia** Onregstreekse aanduiding van 'n begrip deur 'n woord wat nou verbonde is daarmee, bv. "Ek lees Shakespeare".
- paradoks** Skynbare teenstrydigheid, bv. "Om die waarheid te sê, moet ek lieg."
- personifikasie** Beeldspraak waardeur menslike eienskappe aan nie-menslike dinge toegeken word.
- protagonis** Die positiewe of goedbedoelende karakter in 'n konfliktsituasie. Gewoonlik die held in 'n verhaal.
- retoriese vraag** 'n Vraag waarop geen antwoord verwag word nie, en wat dus eintlik 'n stelling maak.
- roman** 'n Denkebeeldige prosawerk wat die indruk skep dat dit van die werklike ervarings van oortuigende of geloofwaardige karakters vertel.
- ronde karakter** 'n Karakter met meer as een faset en wat ontwikkeling, verdieping of groei toon.
- ruimte** Die plek, tyd en atmosfeer waarteen die romangebeure afspeel.
- sarkasme** Bytende, bitter spot wat wil seermaak, verneder of skok.
- satire** Spot of hekel met dwaashede, tekortkominge of wanpraktyke met die doel om te moraliseer of verandering teweeg te bring.
- simbool** 'n Teken of vowerp wat 'n ander saak verteenwoordig. 'n Simbool se betekenis word aangeleer. 'n Ster op 'n Kersboom het byvoorbeeld 'n ander simboliese betekenis as 'n ster op 'n kind se voorkop.
- stereotipe** Veralgemening. Dikwels 'n bevooroordeelde beskouing van 'n groep of persoon as tipies of kenmerkend van sy soort.
- tema** Die hoof- of grondgedagte van die roman wat gewoonlik 'n lewenswysheid of universele boodskap bevat.
- tritagonis** 'n Karakter wat konflik tussen die protagonis en antagonis in 'n konfliktsituasie veroorsaak.
- uiterlike konflik** Botsing tussen karakters of tussen 'n karakter en sy omgewing.
- vergelyking** Twee sake met 'n treffende raakpunt (tertium) word vergelyk sodat die assosiasies van die een die beskrywing van die ander verryk.
- woordspeling** Die humoristiese of ironiese spel met woorde wat eenders klink, maar verskillende betekenis kan hê.